



Wes-Kaapse  
Regering



Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne  
**Jaarverslag 2021/22**



WES-KAAPSE RAAD  
OP DOBBELARY EN  
WEDRENNE

**JAARVERSLAG**  
2021/22

# INHOUD

---

<b>DEEL A: ALGEMENE INLIGTING</b>	<b>3</b>
1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE RAAD	4
2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME	5
3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER	8
4. OORSIG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE	11
5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAAKTHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG	13
6. STRATEGIESE OORSIG	14
7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE	15
8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR	18
<b>DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING</b>	<b>19</b>
1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAAKDE DOELWITTE	20
2. OORSIG VAN PRESTASIE	20
3. VORDERING VAN BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTE	32
4. PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING	33
5. INVORDERING VAN INKOMSTE	45
<b>DEEL C: BESTUUR</b>	<b>47</b>
1. INLEIDING	48
2. PORTEFEULJEKOMITEES	48
3. UITVOERENDE GESAG	48
4. REKENINGKUNDIGE GESAG – DIE RAAD	48
5. RISIKOBESTUUR	62
6. INTERNE BEHEERENHEID	66
7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEE	66
8. NAKOMING VAN WETTE EN REGULASIES	67
9. BEDROG EN KORRUPTIE	67
10. MINIMALISERING VAN BOTSING VAN BELANGE	67
11. GEDRAGSKODE	67
12. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES	68
13. MAATSKAPPYSEKRETARIS	68
14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID	68
15. OUDITKOMITEEVERSLAG	69
16. PRESTASIE-INLIGTING VAN B-BSBEE-NAKOMING	72
<b>DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR</b>	<b>73</b>
1. INLEIDING	74
2. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRON-AANGELEENTHEDE BY DIE RAAD	76
<b>DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING</b>	<b>81</b>
1. VERSLAG VAN DIE EKSTERNE OUDITEUR	82
2. FINANSIËLE JAARSTATE	86



**DEEL A:  
ALGEMENE  
INLIGTING**

# ALGEMENE INLIGTING

---

## 1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE RAAD

<b>NAAM:</b>	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
<b>FISIESE ADRES:</b>	Fairwayslot 100 Parow Kaapstad 7500 Republiek van Suid-Afrika
<b>POSADRES:</b>	Posbus 8175 Roggebaai 8012
<b>TELEFOONNOMMER/S:</b>	+27 21 480 7400
<b>E-POS ADRES:</b>	ceo@wcgrb.co.za
<b>WEBWERF-ADRES:</b>	www.wcgrb.co.za
<b>EKSTERNE OUDITEURE:</b>	Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika
<b>BANKIERS:</b>	Nedbank
<b>RAADSEKRETARIS:</b>	Heinrich Brink

## 2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

Die volgende lys bevat al die afkortings/akronieme wat regdeur die jaarverslag gebruik word, ongeag op watter afdeling van die jaarverslag dit betrekking het:

Afkorting/ Akroniem	Beskrywing
AARP	Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk
ADFIN	Administrasie en Finansies
BBP	Bruto Binnelandse Produk
B-BSEB	Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging
BUM	Beperkte-uitbetaling-masjiene
CAPEX	Kapitale Uitgawes
CASA	Casino-vereniging van Suid-Afrika
CATHSSETA	Kultuur, Die Kunste, Toerisme, Vermaaklikheid en Sport Sektoropvoeding en Opleidingsowerheid
COVID-19	Coronavirus-siekte 2019
DB	Diensbillikheid
DH	Departementshoof
DHNC	Departement van Handel, Nywerheid en Kompetisie
DvA	Departement van Arbeid
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
FICA	Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001
FJ	Finansiële Jaarstate
FIS	Finansiële Intelligensiesentrum
FLASH	Eenheid vir Vuurwapens, Drank en Tweedehandse Handelaars
GI	Gelyke Indiensneming
G2E	Global Gaming Exposition
HFB	Hoof Finansiële Beampte
HHA	Hoogste Hof van Appèl
HUB	Hoof Uitvoerende Beampte
HvD	Hoof van Department
IJM	In-jaar Monitering
IKT	Inligting-en-Kommunikasietegnologie
IT	Inligtingstegnologie
ITIB	Inligtingstegnologie-infrastrukturbiblioteek
IVDA	Internasionale Vereniging vir Dobbelaadviseurs
IVDR	Internasionale Vereniging vir Dobbeleruleerders
IvDSA	Die Instituut van Direkteure Suid Afrika
JPP	Jaarlikse Prestasieplan

## ALGEMENE INLIGTING

Afkorting/ Akroniem	Beskrywing
KFIE	Komitee oor Finansies, Inligtingstechnologie en Etiek
KMB	Korporatiewe Maatskaplike Belegging
KMK	Komitee oor Menslike Kapitaal
KOR	Komitee oor Openbare Rekeninge
KOIKT	Korporatiewe Oorsigbestuur van Inligting en Kommunikasietegnologie
KPW	Komitee oor Perdewedrenne
KVI	Koste van Indiensneming
KVD	Komitee vir Verantwoordelike Dobbels
LDT	Langdienstoekenning
LUR	Lid van die Provinsiale Uitvoerende Raad
MH	Menslike Hulpbronne
MSW	Maatskappy sonder Winsbejag
MTBBV	Mediumtermyn-begrotingbeleidsverklaring
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
MvV	Memorandum van Verstandhouding
NAT JOINTS	Nasionale Gesamentlike Operasies Intelligensiestruktuur
NDMF	Nadiens Mediese Fonds
NRD	Nasionale Raad op Dobbels
NSEMS	Nasionale Sentrale Elektroniese Monitoringstelsel
NTR	Nasionale Tesourieregulasies
OBAD	Onafhanklike Beradings- en adviesdienste
OGSA	Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika
OO	Organisatoriese Ontwikkeling
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORK	Openbare Rekeningkomitee
PA	Prestasie-aanwyser
PAIA	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000
PAJA	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000
PASD	Prestasie-aanwyser van strategiese doelwit
PLO	Provinsiale Lisensiëringsowerheid
POPI	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013
PRWK	Provinsiale Regering van die Wes-Kaap
PTR	Provinsiale Tesourieregulasies raad
PVD	Prestasie-inligting van Voorafbepaalde Doelwitte
RHP	Rampherstelplan
SA	Senior Advokaat



Afkorting/ Akroniem	Beskrywing
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SASVD	Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbely
SCOPA	Staannde Komitee oor Openbare Rekeninge
SDBA	Strategiese Doelwitbeplanningaanwyser
SKFEGT	Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme
SKP	Sakekontinuiteitsplan
TAB	Tegniese-aanwyserbeskrywing
TR	Tesourieregulasies
TW	Tuiswerk
UBK	Uitvoerende Bestuurskomitee
VBBP	Verminderde Bate Bestuursplan
VBD	Voorafbepaalde Doelwit
VKB	Voorraad Kettingbestuur
VPI	Verbruikersprysindeks
VV	Versoek vir Voorlegging
WKBD4	Wes-Kaapse boddokument 4
WK	Wes-Kaap
WKRDW	Wes-Kaapse Raad op Dobbely en Wedrenne
WKWDW	Wes-Kaapse Wet op Dobbely en Wedrenne
WKDVOW	Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke
WKOD	Wes-Kaap Onderwysdepartement
WOBV	Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WKPT	Wes-Kaap Provinsiale Tesourie
WCPT	Western Cape Provincial Treasury
Western Cape	The Province of the Western Cape
WFH	Work From Home
WFH	Work From Home

## 3. VOORWOORD deur die VOORSITTER

Dit is my opregte plesier om die Wes-Kaapse Raad op Dobbely en Wedrenne se Jaarverslag vir die 2021/22 finansiële jaar voor te lê.

Die WKRDW is deur die Wes-Kaapse Wet op Dobbely en Wedrenne, Wet 4 van 1996, soos gewysig, ingelyf en is 'n Bylae 3C WOFB provinsiale openbare entiteit met die primêre mandaat om die dobbelbedryf in die Wes-Kaap te reguleer.

Die Raad onderskryf die beginsels van goeie korporatiewe bestuur en etiese gedrag en hierdie beginsels is in die Raad se gedragskode en bedryfsprosedures vasgelê. Die Raad gaan voort om hierdie beginsels te bevorder.

### Raadslede

Die WKRDW-raad bestaan uit 'n wettige gemagtigde lidmaatskap van sewe lede. Soos op 31 Maart 2022 en ten tye van die skrywe van hierdie verslag, bestaan die Raad uit ses aangestelde lede.

Mnr Lakay se ampstermyn as Raadslid en Raadsvoorsitter het op 15 Desember 2021 gedurende die oorsigjaar gesluit. Ek is daarna met ingang van 16 Desember 2021 as Voorsitter aangestel. Twee nuwe Raadslede is aangewys, naamlik, Dr P Voges en me L Venter. Die Raadslede se ampstermyn word in bladsye 49 tot 54 uiteengesit .



*MNr C Bassuday  
Voorsitter van die Raad*

### Omvattende uiteensetting van aktiwiteite

Die jaar 2022 is die vyf-en-twintigste jaar van die WKRDW se aktiwiteite as die Wes-Kaap se Dobbereguleerder. Veranderende tegnologiese en die soeke na meer interessante moontlikhede het die evolusie van dobbelaanbiedinge aangespoor. Die WKRDW se opleidingsinisiatiewe is derhalwe as sulks aangepas om die bedryf doeltreffend te reguleer.

Die WKRDW is bewus van die gepaardgaande risiko's wat met dobbel verband hou en het 'n aantal verantwoordelike dobbelinisiatiewe aangepak. Dit het bewusmaking- en inligtingsveldtogte oor verantwoordelike dobbely, gemeenskapsbetrokkenheid en mediaveldtogte ingesluit. Die Raad het die belangrikheid van verantwoordelike dobbel benadruk en besluit om 'n komitee vir verantwoordelike dobbeltoesig en -regulering saam te stel.

Alhoewel die belangrikste mandaat van die WKRDW regulering van die dobbelbedryf is, sluit sy bykomende mandaat as 'n korporatiewe burger van die Wes-Kaap 'n bydrae tot die ekonomie van die Wes-Kaap op 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike wyse in. Dit sluit werkskepping en bevordering van belegging in.

Die Raad het R758 888 673 dobbelbelasting namens die Provinsiale Inkomstefonds vir die jaareinde 31 Maart 2022 ingevorder. Belasting en heffings verskaf dus aansienlike inkomste vir die Wes-Kaapse Regering om sy programme vir die burgers van hierdie pragtige provinsie te befonds.

Ter nakoming van sy mandaat is veertien (14) uit vyftien (15) jaarlikse doelwitte deur die WKRDW bereik, terwyl hy terselfdertyd gepoog het om sy funksies op die mees koste-effektiewe wyse uit te voer.

Die COVID-19-pandemie het 'n diepgaande uitwerking op die Raad se werksaamhede gehad. In samewerking met die Uitvoerende Bestuur het die Raad deur strategiesering, en deur sy benaderings aan te pas en te hersien, daarin geslaag om sy mandaat na te kom.

Daarbenewens is die WKRDW bly om verslag te lewer dat die bedryf R 17 066 087 tot Korporatiewe Maatskaplike Belegging-inisiatiewe (KMB) vir die finansiële jaar bygedra het. Die WKRDW monitor deurgaans sy KMB-verbintenisse en voer sy toesigfunksie uit deur ontvangers van die KMB-befondsing te besoek om toe te sien dat dit effektief en volhoubaar gebruik word.

Die WKRDW het 'n bekwame, diverse werksmag om sy mandaat uit te voer. Dit gaan voort om in opleiding en ontwikkeling te belê om op hoogte te bly met die jongste ontwikkelings in die dobbelbedryf, wat 'n uitwerking op die Raad kan hê. Om seker te maak dat dit die uitdagings vorentoe die hoof bied, het die Raad ingestem om 'n interne studie, gekombineer met 'n Organisasoriese Ontwerp, uit te voer om die grootte en formaat van sy personeel te hersien.

## Bewusmakingsprogramme deur die Raad

Die WKRDW gaan voort om verhoudings met verskeie instellings te versterk en het 'n aantal inisiatiewe in sy bewusmakingsveldtogte aangepak. Gemeenskapsbetrokkenheid deur deelname aan die Thusong-programme, koerant- en ander veldtogte via sosiale media en inligtingsessies met wetstoepassingsagentskappe is hierdeur bevorder.

## Onwettige dobbelaktiwiteite

Die WKRDW gaan voort om met wetstoepassingsagentskappe te onderhandel in sy poging om onwettige dobbelaktiwiteite te beperk. Die lesse wat uit die verlede geleer is, het tot meer suksesvolle aktiwiteite bygedra.

Die betrokkenheid en opleiding van die SAPD het bygedra tot die WKRDW se pogings. Daarbenewens het die bewusmakingsprogramme om openbare betrokkenheid te bevorder, daartoe gelei dat die publiek inligting oor onwettige dobbelaktiwiteite verskaf het.

Die WKRDW het agt-en-sestig (68) aangemelde of geïdentifiseerde bewerings van onwettige dobbel in die oorsigjaar ondersoek. Die resultate van hierdie ondersoeke word op bladsy 48 van hierdie verslag aangedui.

## Wetswysigings

'n Aantal hangende beleids- en wetswysigings sal deur die raad ontleed en tot uitvoering gebring moet word. Die Negentiende Wes-Kaapse Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2021, is in die wet verorden en op 23 Junie 2021 vir algemene inligting gepubliseer. Die voorgenoemde Wet sal op 'n datum wat deur die Premier in 'n proklamasie in die Provinsiale Koerant bepaal word, in werking tree.

Die Wes-Kaapse Dobbelary- en Wedrenregulasies (Fooie en Koste), 2016: Wysiging, 2022 is op 30 Maart 2022 gepubliseer en het op 1 April 2022 in werking getree. Die fooie en kosteregulasies word jaarliks gewysig om vir 'n inflasionêre verhoging in die Raad se statutêre fooie voorsiening te maak.

## Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging

As 'n regeringsentiteit is die WKRDW verplig om die beginsels van die Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BSEB) in die bedryf wat dit reguleer, af te dwing. Dit word bereik deur die oplegging van lisensievoorwaardes.

Terwyl die Casino- en BUM-sektore die bepaalde doelwitte bereik, gaan die Raad voort om sommige lisensiehouers in die beroepsweddersektor te betrek om hul B-BSEB-verpligtinge na te kom. Die Raad se sektorale komitees betrek lisensiehouers deur middel van kwartaallike byeenkomste oor hul B-BSEB-prestasies en uitdagings en om seker te maak dat befondsing vir volhoubare inisiatiewe gaan. Die gelisensieerde bedryf is tot die B-BSEB-nakoming verbind en maak beduidende vordering in gemeenskappe asook om welwillendheidsake, wat 'n verskil in die lewens van baie inwoners van die Provinsie maak, te bevorder.

## Uitdagings

Die Raad se uitdagings is as gevolg van beperkings. Dit sluit in:

- Vakatures wat 'n kworumrisiko vir die Raad skep. Die kworum vir 'n raadsvergadering is vyf lede en raadsvergaderings kan dus daaronder lei indien meer as een lid nie 'n geskeduleerde vergadering kan bywoon nie.
- As gevolg van die verlies van statutêre fooie wat nog nie ten volle opgelos is nie, word finansiële selfvolhoubaarheid bedreig, wat daartoe lei dat die WKRDW nie aan die Beleidsbepalings voldoen nie.
- Mededingende belangegroep se belange en prioriteite skaad die WKRDW se geloofwaardigheid in die bedryf.
- Die COVID-19 het stagnasie in die bedryf veroorsaak en sal tyd verg om te herbou.
- Tegnologiese vooruitgang het die struktuur en beskikbaarheid van dobbelgeleenthede aansienlik

# ALGEMENE INLIGTING

---

beïnvloed. Dit neem egter aansienlik langer om wetgewing in staat te stel om tegnologiese ontwikkelings in die dobbelbedryf aan te spreek.

## Akkommodasie

Die huurkontrak ten opsigte van die WKRDW se huidige perseel verstryk aan die einde van Oktober 2023. Die huidige huurkontrak is met die Departement van Vervoer en Openbare werke (DVOW) met befondsing verskaf deur die Wes-Kaap Provinsiale Tesourie (WKPT).

Die WKRDW is ingelig dat aangesien dit 'n onafhanklike organisasie buite die regeringsfere is, dit nie op regeringstrukture kan staatmaak nie en dienooreenkomstig sy toekomstige akkommodasie moet soek en finansier.

Vir hierdie doel het die WKRDW sy 2020/21-surplus van R16,8 miljoen as retensiegeld vir sy toekomstige verblyfbehoeftes opsy gesit. Die Raad oorweeg sy toekomstige verblyfopsies.

## Mediumtermyn doelwitte

Volgens die Raad is daar talle redes om die uitbreiding van die bedryf te ondersteun wat verwagte voordele vir die Provinsie betreffende verdere maniere van dobbel sal inhou:

- Die Raad hersien tans die dobbellandskap en dobbelgeleenthede in die Wes-Kaap en het 'n openbare deelnameproses begin om bykomende kategorieë vir lisensies in die BUM-sektor in die provinsie beskikbaar te maak.
- Inaggenome die sosio-ekonomiese impak van dobbelary op die inwoners van die Provinsie, is die Raad verplig om die publiek en belanghebbende partye deur middel van 'n openbare deelnameproses te betrek voordat 'n besluit geneem word oor die lisensiëring van bykomende of nuwe maniere van dobbel.
- Daar is 'n aantal hangende beleids- en wetswysigings wat die Raad sal moet ontleed en tot uitvoering bring.
- Die Provinsiale Tesourie hersien tans die Dobbelleid van die Wes-Kaap Provinsie.
- Die hooggeregshof het uitspraak gelewer in die aangeleentheid tussen die Garden Route Casino et al teen die Premier van die Wes-Kaap et al. Die uitspraak het sekere paragrawe van die 1999 Beleidsbepalings tersyde gestel wat die streekeksklusiwiteit vir die vyf casino's in die Provinsie as ongeldig ingestel het. Met sy uitspraak het die Hooggeregshof die ongeldigheidsbevel vir 'n tydperk van 12 maande opgeskort om die Provinsiale Regering tyd te gee om die nuwe beleid te voltooi en te publiseer.
- Alhoewel aanlyn-dobbelary in Suid-Afrika ontwechtig maar steeds aan die toename is, moet aandag op nasionale vlak daaraan gegee word. Navorsing en beraadslagings is nodig om te bepaal of verbod die mees doeltreffende en toepaslike strategie is in omstandighede waar sulke dobbelaktiwiteite ongereguleerd en onbelemmerd is. (Dit moet nie met aanlynweddens deur beroepsweddens verwar word nie.)

## Erkennings

Ten slotte bedank ek die Minister, die Wes-Kaapse Tesourie, mede-raadslede, die bestuur en personeel van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme, Komitee oor Openbare Rekeninge en die Ouditkomitee vir hul uitstekende werk, ondersteuning en samewerking.



**Mnr C Bassuday**  
**Voorsitter van die Raad**  
**Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne**  
**31 Julie 2022**

## 4. OORSIG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

Ek bied graag 'n oorsig aan van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelaar en Wedrenne se finansiële prestasie vir die jaar geëindig 31 Maart 2022.

As gevolg van die verstryking van die casino-eksklusiwiteitsfooie en die BUM-operateursfooie wat wettiglik 'n groot bron van sy inkomste was, het die WKRDW sy vermoë om finansiëel selfonderhoudend te wees, verloor. Die WKRDW het aangewese geraak op toelaes van die Wes-Kaapse Fiskus om sy bedryfskoste te finansier aangesien dit nie by magte is om nie-wetgewende eie inkomste te genereer nie. Daarbenewens is wetgewende dobbelaanbiedinge wat inkomste aan beide die WKRDW en die Provinsiale Fiskus sou bied, vir bekendstelling belemmer.

'n Aangepaste begroting vir die WKRDW is deur die Minister goedgekeur wat uit hul eie inkomste van R43 546 883, 'n staatstoelae van R26 256 000 en 'n uitgawebegroting van R69 802 883 bestaan het. Gedagtig aan die ekonomiese omgewing en gepaardgaande finansiële beperkings het die WKRDW gepoog om, waar moontlik, besparings te bewerkstellig. Die WKRDW het vir die jaar onder oorsig, derhalwe R10 002 022 op sy begrote uitgawes gespaar met werklike uitgawes van R59 800 861. Die Ouditeur-Generaal het die besparings hoofsaaklik toegeskryf aan die gevolge wat die COVID-19 op die werksaamhede van die WKRDW gehad het.

Die belangrikste besparings het voortgespruit uit:

- Vakatures by die WKRDW waarvan meeste ten tye van hierdie verslag gevul is;
- Die onderspandering van die begroting vir regs- en professionele dienste asook instandhouding wat 'n konserwatiewe beraming is, en nooit heeltemal dieselfde is nie, maar wat deur omstandighede buite beheer van die WKRDW beïnvloed word; en
- Aangekoopte kapitaalbaties wat weens die vertraagde aflewering uit die buiteland egter nie gelewer kon word nie en wat, as gevolg van die COVID-19, gekanselleer moes word.

'n Inkomste van R4 883 228 meer as waarvoor begroot is, is ingesamel omdat aansoeke en gepaardgaande aktiwiteite vraagedrewe en redelik onvoorspelbaar was. Tydens die COVID-19-pandemie was daar 'n toename in beroepsweddersaansoeke vir aanlyn-beroepswedderaansoeke. Dit het derhawe 'n algehele rekenkundige surplus van R14 352 730 tot gevolg gehad met 'n berekende kontantsurplus van R14 951 588 wat in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal moes word.

Die WKRDW ervaar steeds uitdagings om nuwe wettige dobbelgeleenthede in die Wes-Kaap aan te bied wat tot 'n verhoging van die WKRDW se inkomste sal bydra. Die Raad gaan voort om moontlikhede te ondersoek om die uitdagings wat ondervind word in sy pogings om hierdie wetgewende dobbelaanbiedinge uit te voer, op te los.

Die WKRDW het 'n VKB-beampte gehad wat deur lede van die Hoof Finansiële Beampte se kantoor bygestaan word. Alhoewel die beampte in staat was om die VKB-funksie te verrig, het dit druk op die beampte geplaas en die VKB-funksie het bykomende hulp benodig by wyse van 'n ekstra amptenaar om geloofwaardigheid, wat noodsaaklik is vir 'n VKB-eenheid, aan die WOFB te verleen. Ten tye van hierdie verslag, is 'n bykomende VKB-beampte aangestel om druk op die eenheid te verlig en te help met 'n meer effektiewe en doeltreffende VKB-proses by die WKRDW.

Die WKRDW het 'n ongekwalifiseerde Ouditverslag met geen bevindinge van die Ouditeur-Generaal (Suid-Afrika) vir die jaar onder oorsig ontvang.

Die WKRDW het al die aanbevelings en bevindinge wat deur die Ouditeur-Generaal in die vorige verslagjaar geopper is, nagekom. Sommige van hierdie verbeterde prosesse wat uitvoering aan die bevindinge gee,



*Mnr P Abrahams  
Hoof Uitvoerende Beampte*

## ALGEMENE INLIGTING

---

kon nog nie getoets word nie aangesien geen soortgelyke aktiwiteite sedert die bevindinge by die WKRDW plaasgevind het nie. Die WKRDW is egter vol vertroue dat die ingestelde voorskrifte enige soortgelyke bevindings effektief sal versag.

Die WKRDW het doeltreffende COVID-19-maatreëls ingestel, en ten spyte van die verslapping van die COVID-19-regulasies, sal die WKRDW vir die afsienbare toekoms voortgaan om die voorskrifte en praktyke wat dit tydens die strenger inperkings ingestel het, toe te pas. Die WKRDW het 'n werk-van-die-huis-beleid ingestel wat drie dae per week op kantoor en twee dae per week werk-van-die-huis-af, behels het. Dit het gehelp om sosiale distansiëring te vergemaklik, bestuurskoste by die kantoor te verlaag en werknemers by te staan met die steeds toenemende reiskoste. Die prosedure was suksesvol en word as 'n voorkeurmodel vir die toekoms beskou.

Die WKRDW word tans in 'n gebou gehuisves wat deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke gehuur word met 31 Oktober 2023 as die vervaldatum. Die WKRDW is in kennis gestel dat dit 'n outonome instelling is wat nie deel van die regering is en dus nie op die Wes-Kaapse regeringsdepartemente vir sy aktiwiteite kan staatmaak nie. Die WKRDW is dus aangeraai om, sodra die huurtermyn verstryk het, hul eie akkomodasie te soek en ook te befonds. Die WKRDW beoog derhalwe om 'n gebou te koop en sou dit nie suksesvol wees nie, sal hy 'n gebou vir sy aktiwiteite moet huur.

Die Provinsiale Tesourie het goedkeuring gegee dat die Raad die kontantsurplus van R16,8 miljoen kan behou om met die befondsing van 'n nuwe perseel te help. Die verwagting is dat 'n soortgelyke reëling met die 2021/22-surplus getref kan word sodat die WKRDW die aankope van 'n gebou, insluitende die gepaardgaande kostes, wat aan sy behoeftes voldoen, ten volle kan finansier. Die WKRDW is ten tye van hierdie verslag aktief by die proses betrokke om 'n geskikte gebou te soek wat as kantore vir sy bedrywighede te dien.

Die WKRDW het geen onvolledige begrote projekte nie en sal nie versoek dat enige fondse vir so 'n doel oorgedra word nie. Die WKRDW het geen bedrywighede gestaak nie en beplan dit ook nie vir die toekoms nie. Verder is daar geen ongevraagde bodvoorstelle nie en die Raad het dus in hierdie verband, niks om oor verslag te doen nie.

Die groot uitdaging wat die WKRDW in die gesig staar, is om sy integriteit met sommige van sy lisensiehouers te behou. Hulle voer aan dat die WKRDW versuim om in sy wetgewende hoedanigheid op te tree en derhalwe sy gesag kapituleer. Dit kan daartoe lei dat die lisensiehouers nie maklik die WKRDW se woord of uitsprake aanvaar nie wat onderhandelinge of besprekings soveel moeiliker maak.

Die WKRDW beskou homself steeds as 'n lopende saak aangesien daar begrotingsverpligtinge van die Wes-Kaapse Fiskus is om die WKRDW-finansiering oor die volgende twee jaar toe te staan. Aangesien die 19de Wysigingswet nog nie 'n vasgestelde datum het nie, het die WKRDW dit nie in enige van sy toekomstige beplanning oorweeg nie.

Uitgeslote een doelwit het die Raad al sy goedgekeurde jaarlikse doelwitte nagekom, en terselfdertyd sorg gedra dat die mees koste-effektiewe metodes gebruik is.

Die WKRDW erken met dankbaarheid die bydraes van Minister DD Maynier, die Staande Komitee oor Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme (SKFEGT), die Openbare Rekeningekomitee (KOR), die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie (WKPT), die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) en Interne Oudit SizweNtsalubaGobodo Grant Thornton wat gehelp het om seker te maak dat die WKRDW sy mandaat bereik.

Dit WKRDW gee dankbare erkenning aan die besondere pogings en toewyding van sy Raadslede, die Ouditkomitee en die WKRDW-werknemers vir die sukses van die 2021/22 finansiële jaar.



Mnr P Abrahams  
Hoof Uitvoerende Beampte  
Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne  
31 Julie 2022

## 5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG

Na die beste van ons kennis en oortuiging bevestig ons die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag geopenbaar word, stem ooreen met die finansiële jaarstate wat deur die Ouditeur-Generaal geaudit is. Die jaarverslag is volledig, akkuraat en is vry van enige weglatings. Die jaarverslag is in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie, opgestel. Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is in ooreenstemming met die AERP-standaarde van toepassing op die Raad opgestel.


Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die uitspraak wat oor hierdie inligting gemaak word. Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik om 'n interne beheerstelsel te skep en in te stel wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, inligting oor menslike hulpbronne en die finansiële jaarstate.

Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Die jaarverslag is na ons mening 'n regverdige weerspieëling van die bedrywighede, inligting oor prestasie en menslike hulpbronne en die finansiële sake van die Raad vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2022.



**Mnr P Abrahams**  
Hoof Uitvoerende Beampte  
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne  
31 Julie 2022



**Mnr CA Bassuday**  
Voorsitter van die Raad  
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne  
31 Julie 2022

## 6. STRATEGIESE OORSIG

### 6.1 Visie

Om as die toonaangewende dobbelregulerende owerheid vir innoverende, volhoubare sakepraktyke en die maksimalisering van ekonomiese geleenthede op 'n sosiaal-verantwoordelike wyse erken te word.

### 6.2 Missie

Om dobbelary in die Wes-Kaapse provinsie te beheer en te reguleer om:

- 'n stabiele, regverdige, volhoudende en doeltreffende regulatoriese omgewing te skep;
- openbare vertrouwe en vertrouwe in 'n omgewing vry van korrupsie en onwettige dobbel- en wedderyaktiwiteite te bevorder; en
- om op 'n innoverende en maatskaplik-verantwoordelike wyse tot die ekonomie van die Wes-Kaap by te dra

### 6.3 Waardes

In die uitvoering van hul kollektiewe funksies heg die Raad en sy kantoor die hoogste waarde aan:

- *Integriteit*  
Die kenmerk om 'n morele of etiese kode en hoë professionele standaarde te besit en dit standvastig na te kom.
- *Deursigtigheid en aanspreeklikheid*  
Die beginsel dat die Raad sy sake op 'n toeganklike, duidelike en sigbare wyse sal bedryf met sy aktiwiteite onderhewig aan ondersoek en verantwoordbaarheid aan belanghebbendes en die publiek in die algemeen.
- *Bevoegdheid*  
Om 'n bevoegde en responsiewe regulerende owerheid te wees.
- *Vernuwing*  
Om sakedoeltreffendheid deur praktiese vernuwende oplossings en idees te skep.



## 7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

### 7.1 Grondwetlike mandaat

Die Raad se grondwetlike mandaat is afgelei van Bylae 4 van die Grondwet. Dit bepaal dat die regulering van casino's, wedrenne, dobbelary en weddenskappe, met die uitsondering van loterye, 'n wetgewende bevoegdheid van beide die provinsiale en nasionale wetgewers is. Die Raad moet die fundamentele regte van alle persone, soos in Hoofstuk 2 van die Grondwet verskans, by die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy mandaat nakom. Hoofstuk 6 van die Grondwet bepaal, onder meer, die wetgewende bevoegdheid van die verskillende provinsiale wetgewers. Dit handel verder oor die oplossing van konflikte op gebiede van gelyklopende wetgewende bevoegdhede tussen nasionale en provinsiale wetgewing. Hoofstuk 6 is van toepassing op die Raad se funksionering op grond daarvan dat die Raad insette ten opsigte van voorgestelde wysigings aan die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996 lewer.

### 7.2 Wetgewende mandaat

Die volgende nasionale en provinsiale wetgewende verordeninge is van toepassing op die Raad se werksaamhede:

#### **Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) soos gewysig**

Hierdie wet skets die basiese diensvoorwaardes vir werkplekke in Suid-Afrika en het 'n direkte invloed op werknemers van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne.

#### **Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003) en Kodes soos gewysig**

Hierdie wet is die wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging en bemagtig die Minister van Handel en Nywerheid om kodes van goeie praktyk uit te reik en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. Die Raad dwing die wetgewende en beleidsdoelwitte oor Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging af deur die oplegging van lisensievoorwaardes aan lisensiehouers en voldoen aan die voorskrifte wat bindend op die Raad as 'n openbare entiteit is.

#### **Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet 130 van 1993) soos gewysig**

Hierdie wet is 'n wetlike raamwerk vir vergoeding vir ongeskiktheid veroorsaak deur beroepsbeserings of -siektes wat werknemers in die loop van hul diens opgedoen het of vir dood as gevolg van sodanige beserings of siektes; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

#### **Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) soos gewysig en Regulasies**

Hierdie wet voorsien 'n wetlike raamwerk vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuurbeleid wat fokus op die voorkoming of vermindering van die risiko van rampe, die verligting van die erns van rampe, noodgereedheid, vinnige en doeltreffende reaksie op rampe en herstel na rampe. Dit maak voorsiening vir die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums met 'n beleidsfokus op die rehabilitasie en funksionering van hierdie sentrums. Dit maak verder voorsiening vir die belyning van die funksies van die Nasionale Rampbestuur-adviesforum om die Suid-Afrikaanse Nasionale Platform vir Ramprisikovermindering te akkommodeer. Verskeie regulasies is in 2020 gepubliseer om die verspreiding van die Coronavirus COVID-19 te ondersoek, en dit te voorkom en bekamp. Verskeie riglyne en regulasies is ingevolge die Wet op Rampbestuur uitgereik om individue, werkgewers en besighede se optrede te reguleer en beperkings in te stel om die blootstellingrisiko en oordrag van die koronavirus te bestuur en te voorkom.

#### **Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998) soos gewysig**

Hierdie wet is die wetlike raamwerk vir die verwydering van onbillike diskriminasie in die werkplek en skryf die prosesse en prosedures voor wat die Raad moet instel om 'n diverse en bekwame arbeidsmag te vestig wat breedweg verteenwoordigend is van die Wes-Kaap se demografie.

#### **Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet 38 van 2001), soos gewysig ("FIS-wet")**

Die FIS-wet het die Finansiële Intelligensiesentrum en Geldwassery-adviesraad in die lewe geroep om geldwassery en finansiering van terroriste en verwante aktiwiteite te bekamp. Ingevolge hierdie wet is die

## ALGEMENE INLIGTING

---

Raad 'n toesighoudende liggaam en sy lisensiehouers is verantwoordbare instellings. Die FIS-wet ken 'n aantal statutêre pligte, funksies en bevoegdhede toe aan die Raad in die uitoefening van sy toesighoudende oorsig van die dobbelbedryf.

### **Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)**

Hierdie wet bepaal 'n raamwerk vir die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike regerings om interregeringsverhoudinge te bevorder en te fasiliteer om voorsiening te maak vir meganismes en prosedures om interregeringsgeskille op te los en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

### **Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) soos gewysig (“WOA”)**

Die WAV reguleer en lei die Raad, as werkgewer, om uitvoering te gee aan die regte, pligte en strukture wat ingevolge daardie wet geskep is en sodoende seker te maak dat arbeidsharmonie en die demokratisering van die werkplek geld.

### **Wet op Nasionale Dobbelary, 2004 (Wet 7 van 2004) en Regulasies**

Hierdie wet bepaal die bevoegdhede van die nasionale en provinsiale dobbelrade met betrekking tot regulering en beheer van dobbel en wedrenne in Suid-Afrika. Die Wet, tesame met die Wes-Kaapse Wet op Dobbel en Wedrenne, 1996 en die onderskeie Regulasies wat daarkragtens aanvaar is, bepaal die statutêre mandaat van die Raad as Reguleerder. Dit maak verder voorsiening vir eenvormige norme en standaarde met betrekking tot dobbelary en wedrenne regdeur die Republiek.

### **Wet op Beroepsgesondheid- en veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) soos gewysig**

Hierdie wet maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoerusting en masjinerie; die beskerming van persone teen gesondheids- en veiligheidsgevaare wat uit of in verband met die werkplek ontstaan, en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

### **Wet op 'n Beleidsraamwerk vir Voorkeurverkryging, 2000 (Wet 5 van 2000) en Regulasies**

Hierdie wet vorm die raamwerk waarbinne die Raad uitvoering moet gee aan die Grondwetlike vereiste om 'n regverdige, billike, deursigtige en kostedoeltreffende voorkeurverkrygingsbeleid in te stel.

### **Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (“PAIA”)**

Die PAIA skryf die statutêre proses voor waarvolgens aansoeke of versoeke om toegang tot inligting oorweeg en verwerk word en gee uitvoering aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting. Dit is van toepassing op beide privaat entiteite of organisasies en openbare liggame.

### **Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) (“PAJA”)**

Die PAJA is uitgevaardig ingevolge artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, om uitvoering te gee aan die reg op administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is en die reg om skriftelike redes vir administratiewe optrede te versoek. Die Raad is as 'n openbare liggaam verplig om uitvoering aan die beginsels van prosedureel billike administratiewe optrede soos voorgeskryf deur die wet, te gee.

### **Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) (“POPI”) soos gewysig**

Die POPI se doelwitte is, onder andere, om beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word, te bevorder; om sekere voorwaardes in te stel om minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te stel; en om voorsiening te maak om 'n Inligtingsreguleerder in te stel om sekere bevoegdhede uit te oefen en sekere pligte en funksies ingevolge hierdie Wet uit te voer. Sekere bepalinge van die POPI het op 11 April 2014 in werking getree. Artikels 2 tot 38; 55 tot 109; 111; en 114(1), (2) en (3) het op 01 Julie 2020 van krag geword en artikels 110 en 114(4) op 30 Junie 2021. Die gevolg hiervan is dat alle organisasies teen 1 Julie 2021 aan die POPIA moes voldoen.

### **Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (“WOFB”) soos gewysig**

Die Raad is 'n Skedule 3C Provinsiale Openbare Entiteit en verbind tot die finansiële en bestuursvoorskrifte vir begrotings van hierdie Wet. Die WOFB se primêre doelwit is om seker te maak dat alle inkomste, uitgawes,

bates en laste van staatsinstellings en -departemente doeltreffend en effektief bestuur word. Die WOFB maak voorsiening vir die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur in die regering toevertrou is en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

#### **Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)**

Hierdie wet verskaf 'n institusionele raamwerk om nasionale, sektor- en werkplekstrategieë te ontwerp en in te stel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te ontwikkel en te verbeter; om daardie strategieë in te sluit in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk wat in die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewerheid, 1995, beoog word; om voorsiening te maak vir leerlingskappe wat tot erkende beroepskwalifikasies lei; om voorsiening te maak vir die finansiering van vaardigheidsontwikkeling deur 'n heffing-toelaagskema en 'n Nasionale Vaardighedsfonds; om voorsiening te maak vir gereguleerde werkgeleentheidsdienste; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou, voorsiening te maak.

#### **Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffing, 1999 (Wet 9 van 1999)**

Hierdie wet maak voorsiening vir die oplegging van 'n vaardigheidontwikkelingsheffing; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

#### **Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, (Wet 108 van 1996)**

Dit is die hoogste wet van die land en beskryf, onder meer, die Suid-Afrikaanse se regeringstelsel, die rol en verantwoordelikhede van die verskillende regeringsvlakke, fundamentele menseregte van alle burgers en skep 'n aantal grondwetlike instellings.

#### **Wes-Kaapse Wet op Dobbelry en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996) soos gewysig en Regulasies**

Dit is die primêre wetgewing wat die Raad se funksies en bevoegdhede beheer. Dit bepaal, onder andere, die instelling en werksaamhede van die Raad, die tipe lisensies wat die Raad gemagtig is om te oorweeg asook die Raad se bronne van befondsing. Dit maak verder voorsiening vir die oplegging van statutêre belasting en fooie betaalbaar deur lisensiehouers, sowel as administratiewe boetes vir nie-nakoming

## **7.3 Beleidsmandaat**

### **Bepalings van die Wes-Kaapse Dobbelry- en Wedrenbeleid, 1999**

Die Beleidsbepalings wat deur die Uitvoerende Raad aangeneem is, verskaf beleidsoorwegings vir die uitreiking van die verskillende kategorieë lisensies, die aansoekkriteria wat oorweeg moet word en verpligte bodvoorskrifte vir lisensies vir casino-operateurs. Op 2 Julie 2021 het die hooggeregshof klousule 1.1(b) van die 1999-beleidsbepalings wat die streekeksklusiwiteit vir die vyf casino's in die provinsie ingestel het, as ongeldig en van geen krag en effek verklaar nie. Die Hof het verder verklaar dat Klousule 1.1(c) en (d), wat die 10-jaar eksklusiwiteitstydperk van toepassing op casino-operateurlisensies spesifiseer, verstryk het en nie meer in werking is nie. Die Hof het verder bevestig dat die Raad gemagtig is om aansoeke vir hervestiging van 'n casino ingevolge die Wet te oorweeg.

## 8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR


**Raad**

 <p>Mnr CA Bassuday (Voorsitter)</p>	 <p>Me C Fani (Ondervoorsitter en Raadslid)</p>	 <p>Mnr T Arendse (Raadslid)</p>	 <p>Mnr R Nicholls (Raadslid)</p>	 <p>Me L Venter (Raadslid)</p>	 <p>Dr P Voges (Raadslid)</p>	 <p>Vakante pos (Raadslid)</p>
---	--	---	--	--	--	---



Mnr P Abrahams  
(HUB)

**Senior Bestuur**

 <p>Me S Sixubane (Bestuurder: MH)</p>	 <p>Me Y Skepu (Bestuurder: Regsdienste)</p>	 <p>Me Z Siwa (DH: ADFIN/HFB)</p>	 <p>Mnr R Bennett (DH: Regulasiewe Nakoming)</p>	 <p>Me M Basson (DH: Lisensiëring)</p>	 <p>Mnr A Matthews (DH: IKT)</p>
---	---	--	---	--	---

CASINO SLO



**DEEL B:  
PRESTASIE-  
INLIGTING**

## 1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALE DOELWITTE

### 1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALE DOELWITTE

Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika voer die nodige ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditbevinding oor prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan bestuur ingesluit. Dit verskyn onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die verslag in die afdeling oor ander regs- en regulatiewe vereistes van die Ouditeursverslag.

Verwys na bladsy 82 van hierdie Verslag vir die Ouditeursverslag, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting.

## 2. OORSIG VAN PRESTASIE

### 2.1 DIENSLEWERINGSOMGEWING

#### 2.1.1 TOESIG OOR DIE RAAD

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne (WKRDW) is 'n statutêre liggaam wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne saamgestel is. Daar is twee vlakke van toesig oor die Raad se sake. Op nasionale vlak doen die NRD toesig-evaluerings en op provinsiale vlak doen die Raad verslag aan die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede. Die Provinsiale Parlementêre Oorsigkomitees is die Staande Komitee oor Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme; en die Komitee oor Openbare Rekeninge.

Die WKRDW is 'n Bylae 3C WOFB provinsiale openbare entiteit en is in die unieke posisie met die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie as sy moederafdeling/verantwoordelike departement. Die reguleerders vir dobbelay in die oorblywende agt provinsies doen verslag aan die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling wie se hoofmandaat dit is om ekonomiese ontwikkeling tot openbare voordeel te bevorder en derhalwe ekonomiese geleenthede te skep.

#### 2.1.2 BELANGHEBBENDES

As 'n staatsentiteit het die Raad 'n wye verskeidenheid belanghebbendes. Dit sluit in die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, Wes-Kaapse Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede, die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, die WKRDW-werkmag, gelisensieerde dobbel- en wedderyentiteite, die Wes-Kaapse bevolking, verskaffers, die omgewing en die media. Minister Mireille Wenger is vanaf 15 Mei 2022 as Provinsiale Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede aangestel. Die beleid van die WKRDW se belanghebbendes lig die meganisme en prosesse toe om konstruktiewe verbintenisse met belanghebbendes te ondersteun.

Die Nasionale Raad op Dobbelay doen toesig-evaluerings oor Provinsiale Lisensieringsowerhede (PLO) se regulatoriese aangeleenthede soos uiteengesit in Artikel 33 en 34 van die Nasionale Dobbelaywet. Dit word van die Raad verwag om inligting rakende die verskillende kategorieë lisensies soos uiteengesit in Artikel 35 van die Nasionale Dobbelaywet aan die Nasionale Dobbelayraad voor te lê.

Lisensiehouers van die Raad het die geleentheid om komiteevergaderings by te woon, en in sekere gevalle, ad hoc raadsvergaderings waar verhoë aan die Raad oor die betrokke dobbelsektor gerig kan word. Die algemene publiek is welkom om die WKRDW se ope raadsvergaderings by te woon en vrae of bekommernisse by hierdie vergaderings te opper.

Ander belanghebbendes van die Raad wat onwettige dobbelay in die Wes-Kaap hanteer sluit in die Nasionale Dobbelayraad, die Provinsiale Dobbelayrade, Nasionale Tesourie, Departement van die Premier, Departement van Vervoer en Openbare Werke, Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging, plaaslike regeringsowerhede (munisipaliteite), asook wetstoepassingsagentskappe soos die Suid-Afrikaanse Polisie diens.

Die Raad werk ook nou saam met die Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbelry met opleidingsinisiatiewe wat deur die Stigting aangebied word asook die Raad se eie bewusmakingsprogramme en statistiese inligting vir selfuitsluitingsprogramme.

### 2.1.3 EKONOMIESE SITUASIE

Die ekonomie sal na verwagting in 2022 en 2023 met 1,9% en 1,4% groei, versterk deur 'n toename in handel, toerisme, mynbou en vervaardiging. Die Inflasiekoers sal na beraming in 2022 tot 5,8% styg as gevolg van stygende oliepryse en waarskynlike stygings in voedselpryse as gevolg van die Rusland-Oekraïense konflik. Volgens beraming sal daar in 2023 'n afname van 4,6% in inflasie wees. Na beraming sal die fiskale tekort ook in 2022 tot 6,2% van die Bruto Binnelandse Produk (BBP) styg voordat dit in 2023 tot 5,1% van BBP sal daal as gevolg van die konsolidasiemaatreëls, wat hoër belastinginkomste en 'n verlaagde loonrekening in sluit. Die tekort op die lopende rekening sal in 2022 na verwagting 1,4% van die BBP wees en sal in 2023 na 'n surplus van 0,1% swaai as gevolg van 'n herstel van die vraag na invoere en verwagte daling in kommoditeitspryse. Afwaartse risiko's sluit in die onsekerheid verbonde aan die COVID-19-pandemie, elektrisiteitsvoorsieningbeperkings en swak bestuur in staatsbeheerde ondernemings en gepaardgaande voorwaardelike aanspreeklikhede.

### 2.1.4 BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

As 'n gereguleerde en lisensie-entiteit, het die WKRDW 'n wetlike mandaat om die beginsels van die B-BSEB in die bedryf wat dit reguleer af te dwing, en om kwalifiserende kriteria vir die lisensies en ander goedkeurings wat uitgereik word, te stel. In die dobbelbedryf word dit deur die oplegging van lisensievoorwaardes aan lisensiehouers gedoen. Die WKRDW het die B-BSEB-doelwitvlakke vir elke lisensiehouer in die verskillende sektore van die dobbelbedryf gestel. Hierdie voorwaardes word jaarliks hersien en verskillende voorwaardes word opgelê soos wat dit nodig, redelik en regverdigbaar is om bemagtiging, transformasie en opheffing van persone wat bedoel is om voordeel te trek uit die regering se transformasiedoelwitte, te maksimaliseer.

Die Raad het 'n mandaat om die dobbelbedryf te reguleer deur geskikte, gekwalifiseerde persone en entiteite om dobbelry en wedrenne in die provinsie aan te bied, te lisensieër en om seker te maak dat die bedryf die nasionale en provinsiale dobbelwetgewing nakom. Die Raad gee deur die lisensieproses uitvoering aan ekonomiese transformasie en breë-basis bemagtiging, wat op beide nasionale en provinsiale vlak, regeringsprioriteite is.

Die sektorkomitees van die Raad wat as toesig- en advieskomitees vir die Raad dien, monitor nakoming van die lisensievoorwaardes wat deur die Raad opgelê word vir die verskillende sektore van die bedryf. Die kwartaallike verslae van lisensiehouers oor die status en planne vir die bereiking, handhawing en verbetering van die B-BSEB-doelwitvlakke soos bepaal, word ook deur die komitees ontleed. Lisensiehouers wat nie vrygestel is van die toepassing van die B-BSEB-kodes nie, moet jaarliks deur 'n geakkrediteerde B-BSEB-graderingsagentskap beoordeel word en sodanige graderingsertifikaat by die Raad indien. Waar die B-BSEB-doelwitte of voorwaardes van lisensiehouers nie nagekom is nie, moet verduidelikende inligting vir die nie-bereiking ingedien asook die maatreëls wat getref sal word om die vereiste vlak of doelwit te bereik.

Die Nasionale Raad op Dobbelry van Suid-Afrika monitor en publiseer data oor die stand van transformasie en ontwikkeling in die dobbelbedryf op nasionale vlak. Gelisensieerde roete-operateurs, casino-operateurs en sekere gekorporeerde beroepswedders het gesofistikeerde bemagtigingsprogramme. Hierdie entiteite presteer ook goed volgens die B-BSEB-vlaksertifisering wat deur die geakkrediteerde verifikasie-agentskappe uitgereik is. Aanduidings is dat die aanvang van die KMB- en bemagtigingsprogramme goed vorder ná die COVID-19-terugslae wat betref inkomste-generering, aangesien gelisensieerde ondernemings hul bedrywighede, soos vereis deur die rampbestuur-wetswysigings wat van tyd tot tyd gepubliseer is, met verskillende tussenposes gestaak het.

Die finansiële belang en aandeelhouding van die bedryf in die Wes-Kaap Provinsie is hoofsaaklik op nasionale vlak, rondom 'n paar belangrike rolspelers met belange in al die sektore van die dobbelbedryf, gesentreer. Dit verskans gesentraliseerde beheer en soortgelyke uitvoering van beleide in alle sektore van die dobbelbedryf eerder as streeksgesentreerde metodologieë. Dit geld vir die belange van die casino en roete-operateur, met wyer ekonomiese deelname aan die BUM-personele en die beroepsweddersbedryf. Deur verdere maniere van

dobbel te lisensieër, sal die Raad, sodra dit goedgekeur is, 'n omgewing skep wat stukrag verleen om nuwe toetreders tot die mark te bemagtig en nuwe ruimte vir breë-basis bemagtiging te skep.

## 2.1.5 UITBREIDING VAN DOBBELBEDRYF

Die Raad doen interne navorsing oor daardie kategorieë lisensies soos uiteengesit in artikel 27 van die Wet wat tot op hede nog nie in die Wes-Kaap bekendgestel is nie. Dit sluit die lisensiering van byeenkomste, bingo en Tipe B, C en D BUM-aanbiedinge in.

Die Raad het die BUM-operateurs oor die bekendstelling van Tipe B- en C-BUM'e in die provinsie betrek. Tot op hede het die Raad 3 000 BUM'e uitgereik, en aan elke BUM-operateur is 1 500 BUM-masjiene toegeken. Die Nasionale Dobbelwet en gepaardgaande Nasionale Regulasies ken 'n totaal van 9 000 BUM'e toe vir bekendstelling in die Wes-Kaap. Die Raad het 'n bekendstelling van 3 000 BUM'e goedgekeur toe die eerste Versoek vir Voorleggings (VJV) met die ontstaan van die dobbelbedryf in hierdie provinsie uitgereik is.

Die Raad het tot op hede Tipe A BUM-terreinlisensies bekendgestel, wat terreinoperateurs toelaat om tot vyf (5) BUM'e beskikbaar te stel waarop klante in hul gelisensieerde BUM-terreine kan speel. Tipe B BUM-terreinlisensies laat die bekendstelling van tot 20 BUM'e toe en Tipe C BUM-terreinlisensies laat die bekendstelling van tot 40 BUM'e by 'n gelisensieerde BUM-terrein toe. 'n Tipe D BUM-lisensie laat 'n onafhanklike terreinoperateur toe om tot 40 BUM'e vir speel beskikbaar te stel. Hierdie kategorieë BUM-terreinlisensies vereis bykomende regulatoriese goedkeurings en beduidende belegging- en regulatoriese vereistes word voorgeskryf om dit kan te bedryf. Die Raad stel die nodige maatreëls in plek om bekendstelling van die Tipe B en C BUM-terreine te vergemaklik. Die voor-bekendstellingfase behels die inskakeling van die Raad se toesighoudende organisasies, hersiening van die dobbelreëls en beheermaatreëls vir groter finansiële belegging en statutêre foioe.

Die ander belangrike oorwegings om lisensiering van verdere maniere van dobbel te bepaal is:

- (a) Werkskepping; en
- (b) Transformasie en groter ekonomiese geleenthede in die Wes-Kaap.

Die WKPT het navorsing laat doen oor die bekendstelling van groot byeenkomste in die Provinsie asook die lewensvatbaarheid van die perdewedrensektor in verhouding met die totalisator. Die Raad wag op die finale besluit oor hierdie navorsingsinisiatiewe. Die Raad het voorheen 'n sosio-ekonomiese impakstudie gedoen om die trefkrag van huidige dobbelmetodes op huishoudings, die omliggende gemeenskappe en dobbelaars te bepaal. Die Raad het besluit om opvolgnavorsing te doen ten opsigte van probleme in die Provinsie as gevolg van dobbelary asook 'n Verantwoordelike Dobbelmeganisme wat deur lisensiehouers bekendgestel word.

Met inagneming van die sosio-ekonomiese impak van dobbelary op die Provinsie se inwoners, is die Raad verplig om die publiek en belanghebbende partye deur middel van 'n openbare deelnameproses te betrek voordat 'n besluit geneem word oor lisensiering van nuwe dobbelwyses. Die Raad het 'n proses van openbare deelname begin om kommentaar van belanghebbende partye in te win oor die wenslikheid en haalbaarheid om deur die bekendstelling van bykomende kategorieë-lisensies waarvoor die Wet voorsiening maak, die dobbelbedryf uit te brei. Dit sluit in Tipe B, C en D BUM-terreinlisensies en 'n derde Roete-operateurlisensie. Die kommentaar wat ontvang is, het navrae oor die bekendstelling van Bingo in die provinsie ingesluit. Die Raad moet 'n balans skep tussen die mededingende belange en regte wat ter sprake kom waar ekonomiese geleenthede geskep word en 'n streng proses gevolg sal word soos en wanneer die besluit gemaak word om verdere maniere van dobbel te lisensieer soos deur die Wet beoog.

## 2.1.6 BEDRYFSONTWIKKELING

Alhoewel die COVID-19 ekonomiese beperkings verlig is, het dit besighede aansienlik beïnvloed en die uitwerking daarvan op die ekonomie sal vir 'n geruime tyd op verskillende ekonomiese vlakke ervaar word, soos die Suid-Afrikaanse ekonomie, inflasievlakke, inkomstefondsreserwes, individuele inkomste en besigheidsinkomstevlak.

Tydens die COVID-19-beperkings het individue en sakeondernemings in baie sektore na aanlynhandel en digitalisering migreer. Terwyl verbruikers reeds voor die COVID-19 toenemend 'n aanlynleefstyl gevolg het,



het die pandemie hierdie aanlyn-migrasie selfs in 'n groter mate versnel, aangesien verbruikers gedwing is om hulself sosiaal te distansieer. Baie verslae bevestig dat die pandemie daartoe gelei het dat baie Suid-Afrikaanse verbruikers voortgaan om aanlyntransaksies vir noodsaaklike goedere te doen. Sedert die Nasionale Inperking het die Raad groter belastinginvorderings ten opsigte van weddery op sport deur middel van telefoon, selfoon en aanlynweddery getoon. As in ag geneem word dat klante verkies om tuis te dobbel as gevolg van die gerief wat dit bied en om hulself, volgens regeringsregulasies, sosiaal te distansieer, is dit dus nie verrassend nie.

Die Raad gaan voort om gebeurlikhede wat die aanbieding van weddery aan die publiek op casino-tipe speletjies toelaat, vir beroepswedders goed te keur. Hierdie aanbiedinge bied 'n groter verskeidenheid weddenskappe aan wat beroepswedders kan aanbied en dit dien ook om die afname in die perdewedrensyfers te voorkom.

Perdewedrenne as 'n sport, het beide finansiële en volgens belangstelling in die sport vir weddenskapdoeleindes, swaargekry. Die Raad het die afgelope paar jaar 'n aansienlike afname in weddenskapbelasting vir perdewedrenne opgemerk, beide in totalisator-weddenskappe (oop weddenskappe) en vastekansweddenskappe. Herlewing van perdewedrenne as 'n sport is nodig om dit meer aantreklik vir die jonger geslag te maak. Dit kan help om 'n ommekeer in hierdie bedryf teweeg te bring. Die Provinsiale Tesourie het met navorsing begin wat die versoek vir regeringsbystand wat van die Totalisator ontvang is, ondersoek. 'n Eksterne diensverskaffer is aangestel om die ekonomiese posisie waarin die Totalisator hom bevind te ontleed. Die verslag word afgesluit met aanbevelings aan die provinsiale regering oor die beskikbare moontlikhede. Hierdie verslag is nog nie bekend gemaak nie en die Raad wag op die finale uitslag van die Minister en Provinsie ten opsigte van die navorsing en bevindinge.

Die Raad het die wettiging en regulering van interaktiewe dobbelary bepleit om klante te beskerm wat verkies om by hierdie vorm van dobbel betrokke te raak en dat die toepaslike belasting die Fiskus toeval. Wedders wat aan onwettige aanlyndobbelary deelneem wanneer daar nie wettige alternatiewe beskikbaar is nie, pleeg 'n misdad. Hulle word boonop oorgelaat aan die genade van gewetenlose operateurs wat nie gereguleer word volgens skoon spel, persentasie opbrengs teenoor wedders, eerlikheid, lisensieëring en geskiktheidsvereistes nie. Gelisensieerde operateurs word deur 'n streng lisensieproses gekeur om seker te maak dat die bedryf vry van korrupsie en onwettige aktiwiteite is. Die Raad het voorleggings aan beleidmakers op beide provinsiale en nasionale vlak gedoen en bepleit dat die meganismes ingestel word om interaktiewe dobbel te lisensieer en te reguleer.

Konsepwysigingswetsontwerpe wat voorsiening maak vir die verskuiwing van 'n afgeleë casino na die metropool is vir openbare kommentaar gepubliseer. Hierdie wysigings word nog deur die WKPT oorweeg. Die Raad speel tans geen rol in die hervestigingsproses nie, behalwe om kommentaar te lewer op die voorgestelde wysigings, wat sedertdien vir openbare kommentaar gepubliseer is. Die Hof het uitspraak in die aangeleentheid Garden Route Casino et al teen Premier van die Wes-Kaap et al gelewer. Die uitspraak het klousule 1.1(b) van die 1999 Beleidsbepalings tersyde gestel wat die streekeksklusiwiteit vir die vyf casino's in die Provinsie as ongeldig en van geen krag en effek verklaar. Die Hof het verklaar dat Klousules 1.1(c) en (d), wat die 10-jaar eksklusiwiteitstydperk spesifiseer wat van toepassing is op casino-operateurlisensies, met verloop van tyd verstryk het en nie meer van krag is nie. Die Hof het verder bevestig dat die Raad gemagtig is om aansoeke vir hervestiging van 'n casino ooreenkomstig die Wet te oorweeg. Die ongeldigheidsbevel van die beleidsbepalings is vir 'n tydperk van een jaar opgeskort om voorsiening te maak vir die hersieningsproses oor dobbel wat tans aan die gang is en vir die Kabinet om 'n nuwe Dobbelleid in te stel wat in die toekoms van toepassing sal wees.

## 2.1.7 DIE RAAD SE BEWUSMAKINGSPROGRAMME

Ingevolge die aanhef van die Wet word erkenning daaraan gegee dat dobbelgeleenthede en wedrenne besondere risiko en gevare vir die inwoners van die Wes-Kaap inhou, wat dus die oplegging van toepaslike beperkings en beheermaatreëls regverdig. Dit is derhalwe belangrik dat die Raad die publiek opvoed oor die gevare van dobbelary en vereis dat lisensiehouers verantwoordelike dobbelmaatreëls tref.

Die Raad gaan voort om bewustheid te skep, nie net oor die doel en funksie van die Raad nie, maar ook wat 'n wettige dobbelomgewing voorstaan. Terwyl die afgelope 24 maande 'n paar uitdagings ingehou het om aangesig-tot-aangesig interaksie te hê, het die Raad se kantoor, in samewerking met die Thusong-program,

vyf (5) bewusmakingsprogramme vir die jaar aangebied. Die bewusmakingsinisiatiewe van die Raad het ten doel om die teikengehoor met die volgende inligting oor die Raad op te voed en in te lig:

- Doel en mandaat van die Raad;
- Wettige maniere om te dobbel en te wed;
- Wie mag wettige dobbel- en weddenskapaktiwiteite aanbied;
- Vereistes van lisensiehouers;
- Monitering van nakoming van lisensiehouers;
- Geskilproses van klante;
- Probleemdobbel en die uitsluitingsproses;
- Onwettige dobbelary en rapportering daarvan.

Dit is noodsaaklik dat die Raad ekonomiese regte en geleenthede toestaan met die nodige toepaslike maatreëls in werking vir regverdigheid en dat enige skade en gevare van dobbelary tot die minimum beperk word. Die Raad gaan dus voort om die bedryf vir enige oorstimulasie en vinnig gevorderde veranderinge te monitor.

Die Raad beoog om groter bewusmakings- en inligtingsveldtogte oor verantwoordelike dobbel te reël. Sulke inisiatiewe sal, waar van toepassing, verskeie formate aanneem, insluitend gemeenskapsbetrokkenheid, mediaveldtogte en skoolbesoeke. As gevolg van die voortdurende ontwikkeling in die bedryf, wat op beide tegnologiese ontwikkeling en die uitwerking van inperkingmaatreëls as gevolg van die COVID-19 gegrond is, het die Raad bepaal dat verantwoordelike dobbelary 'n verbeterde benadering sal vereis. Die Raad het besluit om die Wes-Kaapse Forum vir Verantwoordelike Dobbel te omskep na die Komitee vir Verantwoordelike Dobbel wat lisensiehouers toelaat om vergaderings by te woon. In 'n poging om verantwoordelike dobbel aan te moedig en om probleemdobbel in die bedryf te verlaag is lisensiehouers die geleentheid gebied om kommentaar op regulatoriese maatreëls wat voorgestel word, te lewer.

## 2.1.8 UITSKAKELING VAN ONWETTIGE DOBBEL

Gedurende die oorsigjaar was daar 68 bewerings van onwettige dobbelary. Besonderhede van die bewerings word hieronder aangedui:

- 67 is binne 30 dae volledig ondersoek;
- 1 was in die proses om ondersoek te word soos op 31 Maart 2022;
- 30 is as positief bevestig;
- 37 is as negatief bevestig.

Die Suid-Afrikaanse Polisie dienste was nog altyd bereid om te help om onwettige dobbelondernemings te sluit.

## 2.1.9 KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE BELEGGING

As 'n WOFB 3C openbare entiteit, het die Raad 'n toelaag van die Wes-Kaapse Regering ontvang en enige surplus kontantsaldo's moet aan die Wes-Kaapse Provinsiale Inkomstefonds betaal word.

Die Raad genereer nie tans genoeg eie inkomste om finansieel onafhanklik te wees nie en moet op die toelaag staatmaak om sy bedrywighede te finansier. Daarom finansier die Raad geen korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe uit eie beweging nie.

Korporatiewe maatskaplike beleggings (KMB) deur lisensiehouers word steeds deur die Raad gemonitor deur gereelde interaksies en besoeke aan diene wat KMB-befondsing ontvang. Die kwantum van die KMB-befondsing is oorwegend 'n persentasie van die omset of winsgewendheid van gelisensieerde operateurs.

Die Raad moedig steeds belegging in die volgende fokusareas aan:

- Opvoeding: ondersteuning van vroeë kinderontwikkeling, verbetering van wiskunde, wetenskap en taalvaardighede, onderwyser- en leerderontwikkeling en ondersteuning van skole vir leerders met spesiale behoeftes;
- Gesondheid: versterking van primêre gesondheidsorg en werk aan die voorkoming van MIV/VIGS;
- Volhoubare gemeenskapsontwikkeling: verskaffing van welsynsondersteuning, werk aan volhoubare lewensbestaan deur vaardighedsopleiding en werkskepping en ondersteuning van kapasiteitsbou vir ondernemingsontwikkeling.

Lede en amptenare van die Raad het vir die jaar onder oorsig toesig oor sewe (7) lisensiehouers se KMB-bydraes gehou en 13 projekte van ontvangers van KMB-befondsing uit die dobbelbedryf hersien. Die Raad se lisensiehouers het 'n bedrag van R17 066 087 ten opsigte van korporatiewe maatskaplike belegging vir die jaar onder oorsig belê.

### 2.1.10 IMPAK VAN DIE COVID-19 PANDEMIE

Die Raad stel steeds die COVID-19-maatreëls by sy kantore in. Die bedryf het voortgegaan om die voorgeskrewe COVID-19-maatreëls in te stel en die protokolle soos in die regulasies uiteengesit streng nagekom. Werknemers in die bedryf is swaar getref deur verlaagde salarisse en verkorte werksure.

Dobbelbelasting van R777 miljoen is vir die 31 Maart 2022 finansiële jaar in vergelyke met die bedrag van R481 miljoen vir die 31 Maart 2021 finansiële jaar deur die Raad ingevorder. Die jaar-tot-jaar belastinginvorderings het sedert die vorige jaar met 61% toegeneem.

Provinsiale belastings	31-Maart-22	31-Maart-21	R-variensie	% Variensie
Casino	280 224 604	173 574 965	106 649 639	61%
Perdewedrenne en weddery	370 916 322	230 127 374	140 788 948	61%
Beperkte uitbetalingsmasjiene	125 589 575	77 463 014	48 126 561	62%
	<b>776 730 501</b>	<b>481 165 353</b>	<b>295 565 148</b>	<b>61%</b>

Die bogenoemde syfers is 'n duidelike aanduiding dat die gevolge van die COVID-19-regulasies 'n merkbare uitwerking gehad het op die inkomste gegeneer deur die verskillende sektore van die dobbelbedryf. Operateursbelasting van R34 miljoen is vir Desember 2020 ingevorder. Aan die einde van Desember 2020 was Vlak 3-regulasies van die Rampwet van krag. Vir Desember 2021 het die Raad R45 miljoen operateursbelasting ingevorder. 'n Aangepaste risikovlak 1 was gedurende Desember 2021 van toepassing. Dit verteenwoordig 'n toename van R11 miljoen wanneer die belastinginvorderings vir dieselfde tydperk jaar-tot-jaar vergelyk word.

Soos dus hierbo waargeneem kan word het meeste sektore in die dobbelbedryf stadig herstel namate die regulasies verlig en die beperkende maatreëls deur die lisensiehouers dienooreenkomstig verlig is.

### 2.1.11 TEGNOLOGIE EN INLIGTING

As gevolg van die COVID-19-pandemie het veranderinge vinnig plaasgevind en 'n nuwe norm is in organisasies geskep oor hoe hulle normale sakepraktyke sou benader. Die unieke uitdagings wat organisasies wêreldwyd in die gesig staar, het 'n herevaluering van bestaande strategieë vereis en alternatiewe meganismes moes oorweeg word om besigheidskontinuiteit te bevorder. Organisasies se hoë afhanklikheid van digitale tegnologie, transformasie en konektiwiteit het 'n invloed op hul sterk- en swakpunte, geleenthede en bedreigings gehad. Die Kantoor van die Raad was nie immuun teen hierdie verwickelings nie en moes sy vermoëns evalueer om tydens die pandemie met sy bedrywighede te kon voortgaan.

Die Kantoor van die Raad het werknemers met die nodige toerusting om van die huis af te werk (TW) toegerus, en het virtuele toegang via virtuele privaatnetwerke moontlik gemaak om toegang tot die WKRDW-netwerk, produksiestelsels, samewerkingshulpmiddels en digitale platforms te verkry. Alle WKRDW-werknemers het inligting oor die WKRDW Sekuriteitsbeleide en Geheimhoudingskode, die Gedragskode en Artikels 17 en 19A van die Wes-Kaapse Wet op Dobbely en Wedrenne (WKWDW) ontvang om seker te maak dat inligting en data beskerm word.

Behalwe dat WKRDW-personeel in staat gestel is om virtueel te werk, is die verspreide werkomgewings moontlik gemaak deur die WKRDW-videokonferensies, samewerking en kommunikasievermoë. Dit het voorsiening gemaak vir die voortsetting van die Raad, Komitee en departementele vergaderings, deel van inligting en virtuele ondersteuning. Telefoniese en e-pos kommunikasie sowel as videokonferensievermoëns het kommunikasie met belanghebbendes moontlik gemaak.

# PRESTASIE-INLIGTING

Die Finansiële-, Inligtingstechnologie-, Eet- en Ouditkomitees het toesighoudende verantwoordelikheid vir die doeltreffendheid en geskiktheid van die Raad se IKT-hulpbronne. Kwartaalike interne IKT- en ouditverslae is aan die komitees voorgelê om seker te maak dat doeltreffende beheermaatreëls vir die Interne IKT-bestuur en sekuriteit gehandhaaf word. Risiko's en beheermaatreëls verbonde aan die interne IKT-funksie is in die Raad se Risikoregister ingesluit en dien ooreenkomstig bestuur. Die WKRDW se Hulptonbankbestuurstelsel het roetine virtuele instandhouding vir die Raad se IKT-aktiwiteite gedoen asook op hul perseel.

Die Raad se skuif na outomatisering vir hul besigheidsproses was 'n belangrike fokusareas en 'n strategiese instaatsteller vir die besigheid. Genesis, 'n gedigitaliseerde outomatiseringsprojek en -stelsel, het die bedryf in staat gestel om hul aansoeke vir dobbellisensies aanlyn in te dien. Die uiteindelige doel van Genesis is om die lisensie-aansoekbesigheidsprosesse te outomatiseer en 'n groen/papierlose omgewing vir die Raad en die dobbelbedryf te skep. Projek Genesis is in September 2018 begin en in September 2021 vir die Lisensieringsafdeling voltooi en in werking gestel. Lisensie-aansoeke vir die Casino-, BUM-, Totalisator- en Boekmaker-industrie kan aanlyn ingedien word.

Die tegnologiese vooruitgang het nuwe en innoverende metodes vir dobbel ontwikkel en aanlynweddering op sport is as 'n ontwikkelende mark bepaal. In vergelyking met ander vorme van dobbel soos Casino, die BUM en Totalisator het aanlynweddering op groot skaal tydens die pandemie toegeneem. Reguleerders moet seker maak dat hulle voldoende opgelei is om wydverspreide en deurlopende tegnologiese veranderinge te hanteer. Hierdie aspekte moet ook deur wetswysigings opgelos word om ooreenkoms met die tegnologiese veranderinge te verseker.

## 2.1.12 BYWONING VAN KONFERENSIES

Konferensiebywoning hou onmeetbare voordele vir die Raad in. Dit sluit in blootstelling aan nuwe ontwikkelings in die dobbelbedryf, nuwe uitdagings en oplossings wat deur nasionale en internasionale reguleerders ontwikkel is, asook 'n netwerk van rolspelers in die bedryf wat bystand kan verleen wanneer nodig. Fisiese bywoning van die konferensies was steeds beperk en netwerkgeleenthede as gevolg van die virtuele bywoning van bedryfsrolspelers was derhalwe ook beperk.

Die Raad het die volgende konferensies bygewoon en relevante ondervinding en kennis daardeur opgedoen:

Konferensie	Datum	Voordeel
Internasionale Association of Gaming Regulators – virtuele bywoning	September 2021	<ul style="list-style-type: none"><li>Die mate waarin die wêreldwye pandemie die bedryf negatief beïnvloed het en regulatoriese maatreëls wat oorweeg moet word om die uitwerking van sulke toekomstige voorvalle te verlig.</li><li>Die toename van probleemdobbelary tydens toesluitbeperkings in verskeie jurisdiksies en maatreëls wat oorweeg moet word om hierdie onbedoelde gevolg van wettige dobbelary op te los.</li><li>Die gesofistikeerdheid van die kriminele meesterbreine om die geregleerde dobbelomgewing te gebruik om onwettige aktiwiteite aan te gaan – maatreëls om hierteen te waak.</li><li>Die verandering in wêreldwye speelgeldeenheid en wat reguleerders oor kriptogeldeenheid moet weet.</li><li>Hoe kunsmatige intelligensie kan help om probleemdobbelary te verminder.</li></ul> <p>Die verband tussen speletjies en dobbel en waarop reguleerders bedag moet wees.</p>

### 2.1.13 KORPORATIEWE BESTUUR-OPENBAARMAKINGS WAT DEUR DIE KING IV-KODE VEREIS WORD

Ingevolge die King IV-kode word van die Raad verwag om sekere openbaarmakings te maak wat met korporatiewe bestuur verband hou. Die Raad se King IV-verslag is op die Raad se webwerf by [www.wcgrb.co.za](http://www.wcgrb.co.za) beskikbaar.


### 2.1.14 DIENSLEWERINGSOMGEWING

Op 31 Maart 2022 het die wettige dobbel- en resiesbedryf in die Wes-Kaap, wat oor die volle geografiese gebied van die Wes-Kaap strek, bestaan uit:

Lisensie-aktiwiteit	31 Maart 2022	31 Maart 2021
Gelisensieerde casino's	5	5
Gelisensieerde beperkte uitbetalingsmasjien-operateurs	2	2
Gelisensieerde beroepswedders	53	43
Gelisensieerde totalisator	1	1
Gelisensieerde persele	665 (462 BUM'e, 147 beroepswedders, 56 Totalisators)	664 (447 BUM'e, 164 beroepswedders, 53 Totalisators)
Gelisensieerde dobbeltoestelle	6 717	6 940
Werknemerlisensies*	6 392	7 514

\* Die Raad reageer slegs op behoorlike aansoeke wat van die bedryf ontvang word.

# PRESTASIE-INLIGTING



Geografiese verspreiding van gelisensieerde dobbelbedrywighede

Perseel	1 Stad Kaapstad	2 Eden	3 Kaapse Wynlande	4 Overberg	5 Weskus	6 Sentraal Karoo
Casino's - 5	1	1	1	1	1	0
BUM-terreine - 462	292	52	51	22	44	1
Beroepswedders - 147	127	5	12	1	1	1
Totalisators - 56	44	5	5	0	1	1

## 2.2 ORGANISATORIESE OMGEWING EN STRUKTUUR

Op 31 Maart 2022 het die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentehede ses (6) lede op die Raad aangestel. Die Raad moes verlief neem met ingrypings en besluitneming van belanghebbendes wat die instelling van sy besluite en navorsingstudies vertraag het. Dit is 'n risiko vir die Raad se reputasie.

Die bestaande organisasiestruktuur het oorwegend dieselfde gebly sedert die stigting van die Raad, hoewel die bedryf waarin die Raad betrokke is jaar na jaar uitbrei. Om 'n optimale organisasiestruktuur te bewerkstellig het die Raad besluit dat sy organisasiestruktuur hersien moet word. Om die doelwit na te kom, het die Raad 'n diensverskaffer aangestel om die beoordeling te doen.

As gevolg van versoeke van die industrie sowel as die behoefte om dubbelaanbiedinge (wat nie tans in die Wes-Kaap aangebied word nie) uit te brei, is voorbereidingswerk gedoen om in die toekoms Tipe B, C en D BUM-terreine, Bingo, sowel as internasionale byeenkomste aan te bied. Die organisatoriese struktuur sal beïnvloed word deur die behoefte om dubbelaanbiedings uit te brei. Die bestaande werksmag is dalk nie voldoende om aan die eise of aantal bykomende aansoeke aandag te gee nie en om die nodige ondersoeke te doen wat nodig sal wees om seker te maak dat die Raad betyds en doeltreffend op lisensie-aansoeke reageer nie.

Om te bepaal watter potensiële bykomende hulpbronne nodig mag wees om uit te brei, is die Raad besig met 'n oorsig vir 'n Organisasies Ontwerp om die vereiste behoeftes vas te stel voordat sulke bykomende aanbiedinge bekendgestel word.

Ten spyte van al die voorgenoemde is dit aangenaam om te weet dat die Raad sy mandaat asook die meerderheid van sy doelwitte vir die jaar onder oorsig suksesvol bereik het. Hierdie prestasie kan aan toewyding en verbondenheid van die Raad, die Uitvoerende Bestuur en werknemers van die Raad toegeskryf word.

### 2.2.1 AKKOMMODASIE

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelaar en Wedrenne beset tans 'n perseel wat deur die Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke gehuur word. Die huurkontrak verstryk op 31 Oktober 2023.

Die WKRDW is in kennis gestel dat dit 'n outonome openbare entiteit is wat buite die regering val en derhalwe nie op staatsdepartementdienste of -strukture kan staatmaak nie. Die Raad sal dus self sy toekomstige verblyfvereistes moet bekom. Die Raad het derhalwe besluit om, in plaas van om te huur, hul eie gebou vir akkommodasie aan te koop aangesien dit dan ook as 'n belegging kan dien.

Die WKRDW het beperkte kundigheid en vaardigheid om kriteria saam te stel vir 'n gebou wat aan die regering se vereistes sal voldoen of om aanbiedinge in daardie opsig te evalueer. Bystand is derhalwe van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) via die WKPT versoek.

Die WKRDW het ten tye van hierdie skrywe sy protokolle vir werk-van-die-huis teenoor werk-van-die-kantoor en die opvanggebiede van sy werksmag bepaal en het na geskikte geboue gekyk wat prima-facie aan sy akkommodasievereistes sou voldoen. Die markkoste verbonde aan die vereiste akkommodasie is ook ondersoek.

Die WKRDW het tans R16,5 miljoen as 'n goedgekeurde retensie van sy 2020/21-surplus en beoog om die retensie van sy 2021/22-surplus van R15 miljoen te versoek.

Hierdie twee bedrae sal voldoende wees om 'n geskikte gebou wat aan die behoeftes van die WKRDW voldoen, aan te koop en voor te berei.

# PRESTASIE-INLIGTING

---

## 2.2.2 MAATREËLS VIR BEROEPSGESONDHEID- EN VEILIGHEID

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (WOBV) plaas die verantwoordelikheid op die werkgever om, sover dit redelik prakties is, 'n gesonde werksomgewing wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van sy werknemers is, te verskaf en in stand te hou. Die Raad beslaan 'n gedeelte van 'n gebou, maar maak seker dat dit aan die WOBV voldoen.

In die lig van die COVID-19-pandemie om die verspreiding van aansteeklike siektes te voorkom word aandag veral aan voorkoming gegee. Dit sluit in instelling van risikobeheermaatreëls van isolasie, higiëne, voldoende ventilasie, voorsiening van ruimte en persoonlike beskermende toerusting.

Die Raad het 'n funksionerende Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee wat ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid- en veiligheid ingestel is. Die WOBV-komitee, wat verteenwoordigers van alle departemente by die Raad het, vergader deur die jaar met vasgestelde kwartaallikse tussenposes om die Gesondheid- en Veiligheidsomgewing by die Raad te beoordeel en om enige kwessies wat mag opduik, op te los.

## 2.2.3 OPLEIDING EN ONTWIKKELING

Heropleiding en verbetering van vaardighede van personeel bly 'n belangrike prioriteit vir die Raad en sal volgehou word om seker te maak dat die Raad sy menslike kapitaal optimaal benut en ontwikkel.

Die totale belegging vir opleiding in die tydperk onder oorsig het R 585 390 beloop wat 1,23% van die totale indiensnemingkoste verteenwoordig. Opleiding wat gedurende die oorsigjaar aangebied is, was op alle werknemervlakke in die organisasie gerig. 'n Uitgebreide reeks opleidingsgeleenthede het ten doel om voort te bou op werknemers se professionele vaardighede om hul kennis en hul vermoëns te verbeter om tot organisatoriese strategie by te dra.

Met 'n veranderende dobbelomgewing kan daar nie verwag word dat Raadslede vanself die nodige kennisbasis sal hê om besluite oor die veranderende omgewing te neem nie. Dit is dus Raadslede se plig om voldoende opgelei te wees om hul mandaat betekenisvol te kan nakom. Vir hierdie doel is Raadslede by die Instituut van Direkteure geregistreer om seker te maak dat hulle geleenthede het om met enersdenkende professionele persone te netwerk. Die Instituut van Direkteure Suid-Afrika (IvDSA) verskaf praktiese dienste aan Raadslede, met die doel om seker te maak dat ontwikkeling, begrip en toepassing van goeie bestuurspraktyke plaasvind. Daarbenewens word aanlynseminare en konferensies gebruik om op hoogte te bly van huidige dobbel- en regulatoriese neigings asook beste praktyke vir verantwoordelike dobbel.

## 2.3 BELANGRIKE BELEIDSONTWIKKELINGE EN WETGEWENDE VERANDERINGE

Die dobbelbedryfbedrywighede is ernstig ingekort met vermindering in bedryfskapasiteit en werksure, tesame met lang tye wat dobbelbedrywighede gesluit is as gevolg van die opgelegde Rampbestuurvoorskrifte. Die dobbelbedryf hervat sy bedrywighede ná die COVID-19-beperkings en toon goeie vordering met sy ekonomiese herstel. Tydens die jaar onder oorsig het gelisensieerde operateurs binne die COVID-19-regulasieraamwerk gewerk.

Die Provinsiale Dobbellandskap word tans deur die WKPT hersien en 'n nuwe Dobbelbeleid word tans oorweeg. Sodra dit aanvaar word, sal dit die weg vorentoe baan vir dobbelbedrywighede en lisensiering.

### 2.3.1 LITIGASIE

Die dobbelbedryf blyk baie prosedeersiek te wees, wat daartoe lei dat die Raad se besluite en optrede dikwels deur lisensiehouers en rolspelers met eie ekonomiese belange betwis word. Sommige sake is suiwer van openbare belang of, in sekere gevalle, bied die uitspraak deur ons howe regsekerheid oor aangeleenthede waar die Raad en lisensiehouers verskillende regsbeskouings het. In sulke gevalle stem die partye gewoonlik



ooreen dat dit toepaslik is om 'n verklarende bevel te verkry. As 'n reguleerder oorweeg die Raad breër kwessies van openbare belang en nie bloot die kommersiële belang nie. Die Raad neem dus nie aan alle litigiese aangeleenthede deel waar hy as 'n belanghebbende party aangehaal word nie, maar baseer sy bepalings op die vraag of hy aan die litigasie moet deelneem na gelang van die aard van die regshulp wat gevra word en die regsimplikasies op die Raad se mandaat en die bedryf wat hy reguleer.

'n Casino-operateur het om 'n verklarende bevel aansoek gedoen wat, onder andere, bevestig dat Freeplay-krediete nie 'n "vermindering" beteken vir die doel van die berekening van aangepaste bruto inkomste nie en nie deel vorm van die belasbare inkomste volgens Artikel 64 van die Wet, gelees saam met Bylae III, met verwysing na die Raad en die Provinsiale Minister van Finansies, Wes-Kaap as Respondente. Verder, dat die Hof gelas, sou dit 'n bepaling maak dat die applikante wel belasting betaal het wat nie ingevolge die regsargument voor die Hof verskuldig is nie, enige oorbetalings van belasting terugbetaal of verreken moet word teen die toekomstige belastingaanspreeklikheid van die applikante. Uitspraak is op 29 April 2020 ten gunste van die Applikant gelewer, waar die Hof beslis het dat Freeplay nie deel uitmaak van die "vermindering" vir doeleindes van die berekening van aangepaste bruto inkomste nie en nie deel vorm van belasbare inkomste ingevolge Artikel 64 van die Wet, saamgelees met Bylae III, nie. Die Raad is beveel om die oorbetalde belasting te verreken teen die applikant se toekomstige belastingverpligtinge wat ingevolge Artikel 64 van die Wet ooploop. Die Raad en die Minister het verlot tot appèl deur die Hooggeregshof toegestaan en die appèl is aan die gang.

Die regsgeeding teen die Raad se gesag om voorwaardes op te lê om breë-basis bemagtiging te bevorder en toe te pas, is in die Wes-Kaapse Hooggeregshof aangevoer en uitspraak is op 11 Desember 2019 ten gunste van die Raad gelewer. Die Hof het bevind dat die Raad by magte is om voorwaardes aan bestaande lisensiehouers op te lê, en het nie sy diskresie ernstig aan bande gelê in sy besluit om die aanvegbare voorwaarde op te lê nie, en die Raad het nie onredelik of irrasioneel opgetree toe dit die aanvegbare voorwaarde gestel het nie. Die hersieningsaansoek is met koste van die hand gewys, maar die applikante het 'n aansoek om verlot tot appèl by die Hooggeregshof ingedien. Die Hooggeregshof het 'n bevel uitgereik wat bevestig dat die Raad die bevoegdheid het om die voorwaarde op te lê, maar dit het die 2017 B-BSEB-voorwaardes wat opgelê is tersyde gestel, aangesien die Hof van mening was dat die Raad nie voldoen het aan die voorvereistes soos deur die bemagtigende bepaling gestel vir die oplegging daarvan nie. Die 2017-voorwaardes is vervang deur voorwaardes wat jaarliks daarna deur die Raad opgelê word.

'n Rolspeler in die dobbelbedryf het aansoek gedoen om 'n hersiening, tesame met 'n Interdik in die Hooggeregshof, waarin die Hof versoek word om te beveel dat die Raad, hangende die uitslag van die Hersieningsaansoek, hom van sy besluit weerhou om die oorblywende 1 000 BUM'e na verhouding aan die bestaande Roete-operateurs toe te ken, in te stel. Dat die Raad se besluit verder, soos vermeld, hersien en tersyde gestel word. Uitspraak is elektronies op 20 April 2021 gelewer. Die hersieningsaansoek was suksesvol en ten gunste van die applikante toegestaan. Die Raad het 'n aansoek om verlot tot appèl ingedien en staan ook die applikant se aansoek om onmiddellike uitvoering van die Hooggeregshof-uitspraak teë. Die applikant het ook 'n teenappèl teen sekere aspekte van die uitspraak ingedien. Die voorsittende regter het, niesteenstaande die hangende appèlle, die partye verlot tot appèl toegestaan en die bevel van krag verklaar.

'n Casino-operateur het aansoek gedoen om 'n Verklarende Bevel dat sekere paragrawe van die Wes-Kaapse Dobbel- en Wedrenbeleidsbepalings ultra vires, ongeldig en van geen krag en effek is nie, en dat die Raad bevoeg is om die wysiging van 'n casinolisensie ingevolge die Wet te oorweeg en te bepaal, met die Premier van die Wes-Kaap, die Provinsiale Minister van Finansies en die Raad as Respondente. Die Hooggeregshof het op 2 Julie 2021 uitspraak ten gunste van die applikant gelewer waar die Hof bevind het dat die aanvegbare polisbepalings wat die eksklusiwiteitsregime skep, ongeldig en nie van krag is nie; dat die Raad nie bevoeg is om ingevolge Artikel 41(2) van die Wet, 'n aansoek deur enige applikant te oorweeg en te bepaal om 'n afgeleë casino na die Kaapse Metropool te hervestig nie, en dat die ongeldigheidsverklaring vir 'n tydperk van een jaar opgeskort word om voorsiening te maak om 'n nuwe regulatoriese beleid vir dobbelary in werking te stel. Koste is ten gunste van die applikant toegeken. Die premier en minister van finansies het 'n aansoek om verlenging van die 12-maande skorsingstydperk ingedien soos gelas deur die hooggeregshof. Hierdie aansoek is nog aan die gang.

## 2.3.2 HUIDIGE WETGEWENDE OORWEGINGS

Die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Dobbelary [B27B-2018] is in 2018 gepubliseer. Die wetsontwerp poog om die Nasionale Dobbelwet (2006) te wysig om die samestelling van die Nasionale Raad op Dobbelary in 'n funksionerende entiteit te verander wat aan die Departement van Handel, Nywerheid en Kompetisie (DHNK) verslag doen, met 'n HUB aan die stuur van die entiteit. Die wetsontwerp poog ook om, onder andere, sekere statutêre fooie in te stel vir gesentraliseerde monitering van provinsiaal-gelisensieerde dobbeloperateurs en om bestuursaangeleenthede met betrekking tot die Nasionale Dobbelbeleidsraad te hanteer. Die Wetsontwerp is deur beide Huise van die Parlement oorweeg en is op 14 Desember 2021 deur die Nasionale Raad van Provinsies verwerp en is ingevolge Gesamentlike Reël 186(1)(a) na die Bemiddelingskomitee verwys.

Die Negentiende Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne (2021) van die Wes-Kaap is op 23 Junie 2021 in die Provinsiale Koerant gepubliseer. Dit dui aan dat die wysigingswet op 'n datum wat deur die Premier in die Staatskoerant geproklameer sal word, in werking sal tree. Die 19e Wysigingswet skryf nuwe Casino-operateurfooie en Roete-operateursfooie voor. Wanneer die 19e Wysiging in werking tree, sal dit die Raad se doelwit, om volgens sy begrotingsvereistes selfversorgend te word, aansienlik versterk. Die WKRDW maak staat op die WKPT om wysiging van wetgewing voor te stel om vir veranderings in sy inkomstestroom voorsiening te maak.

Die Twintigste en Een-en-twintigste Wysigingswetsontwerpe is vir openbare kommentaar gepubliseer. Dit maak voorsiening vir die verskuiwing van 'n casino na die Metropool en maak voorsiening dat, onder andere, die gepaardgaande fooie en wetlike oorwegings deur die Raad in ag geneem moet word. Die wysigings in die Wes-Kaapse Twintigste Wysigingswetsontwerp op Dobbelary en Wedrenne maak hoofsaaklik voorsiening vir die verskuiwing van 'n casino en spreek substantiewe kwessies aan wat met die wysiging van lisensies verband hou. Die wysigings in die Een-en-twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelary en Wedrenne in die Wes-Kaap stel hoofsaaklik 'n nuwe Casino-eksklusiwiteitsbelasting en ekonomiese geleentheidsfooie vir die hervestiging van 'n casino voor. Die wetsontwerpe word nog deur die departement oorweeg.

Die Wes-Kaapse Dobbel- en wedrenregulasies (Fooie en Koste 2016) is op 9 April 2021 bygewerk en in die Staatskoerant gepubliseer om inflasionêre verhogings tot die statutêre aansoek-, lisensie- en ondersoekfooie te bewerkstellig. Hierdie fooie word jaarliks vir inflasie aangepas en die aangepaste fooie het op 12 April 2021 in werking getree.

Die Wes-Kaapse Dobbel- en wedrenregulasies (Fooie en Koste, 2016) en Tweede Konsepwysiging (2020) is op 8 Mei 2020 vir kommentaar gepubliseer en skryf die aansoekfooie vir die wysiging van 'n casino-operateurlisensie voor vir doeleindes van hervestiging.

## 3. VORDERING VAN BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTE

Impakverklaring: 'n Optimaal-gereguleerde dobbelbedryf.

Uitkomst:

- Strukture, hulpbronne en prosesse deur die Raad aangewend vir effektiewe, doeltreffende en optimale uitvoering van sy mandaat. Hierdie program het al die beplande agt (8) uitsette vir die oorsigjaar behaal.
- Geskikte persone doen sake in die dobbelbedryf. Die program handhaaf die primêre fokus van ondersoek na die geskiktheid van persone (natuurlik en regs kundig) om dobbellisensies te hê terwyl dit ook begin om 'n elektroniese portaal in te stel om lisensie-aansoeke wat daarop gemik is om die proses te verbeter, te ontvang en verwerk. Terwyl daar seker gemaak word dat alle persone wat 'n lisensie nodig het om by die dobbelbedryf betrokke te wees, geskik is, gaan die program voort om alle nuwe en hernude lisensies in ooreenstemming met die jaarlikse doelwitte en dus ook die 5-jaar doelwitte te verwerk.
- Dobbel- en wedderyaktiwiteite in die Wes-Kaap voldoen aan wetgewende bepalinge en regulatoriese vereistes (Hersien). Die program het sy evalueringproses aangepas om afgeleë evalueringe in te sluit

om seker te maak dat in gevalle waar daar nie toegang tot gelisensieerde ondernemings verkry kan word nie, die aktiwiteite en aard van die sakebedrywighede steeds gemonitor en effektief gereguleer kan word. Alhoewel een van die Strategiese Plan se doelwitte weens die nasionale inperkingsbeperkings erg geraak is, is die jaarlikse doelwitte weer op koers. Alhoewel alle gestelde doelwitte nie bereik is nie, is die nie-uitvoering van die bepalings as gevolg daarvan dat die lisensiehouers tot Desember 2021 baie minder produktief kon wees. Daarbenewens het die Raad se Kantoor, voor die wysiging aan die tegniese evalueringskriteria, afgeleë evalueringe uitgevoer.

- Vernuwend, funksionele, betroubare en veilige IKT-oplossings en -stelsels is verskaf. Om die noodsaaklike IKT-prestasies moontlik te maak het die program die nodige operasionele doeltreffendheid, beter bestuur, vaardigheid, goeie leiding en betroubare stelsels vir die WKRDW toegepas wat in ooreenstemming met die beplande impak en uitkomst is.

## 4. PRESTASIEPROGRAM-INLIGTING

### 4.1 Program 1: Raad en Administrasie

#### Doel van Program

Om die Minister by te staan en uitvoering te gee aan die wetgewende mandaat wat aan die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne verleen is.

#### Uitkomst

Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse is vir effektiewe, doeltreffende en optimale uitvoering van sy mandaat aangewend.

#### Struktuur van Program

Die goedgekeurde program bestaan uit sewe Raadslede, die Hoof Uitvoerende Beampte, die Regsbestuurder, die Professionele Assistent: Regsdienste, die Hoof Finansiële Beampte, die Senior Finansiële Beampte, die Senior Administrasie Beampte, 'n Menslike Hulpbronbestuurder en 'n Menslike Hulpbonadministrateur, die Raadsekretaris en 10 goedgekeurde ondersteuningspersoneel.

Die program is as volg gestruktureer:

- Raad
- Bestuur
- Regsdienste
- Menslike hulpbronne
- Administrasie en Finansies.

## Uitkomst, Uitsette, Uitsetaanwysers, Doelwitte en Werklike Prestasies

Geen veranderinge is tydens die jaar gedurende die 2021/2022 finansiële jaar aangebring nie.

Program 1 Raad en Administrasie						
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Ge-ouditeerde werklike prestasie 2019/2020	Ge-ouditeerde werklike prestasie 2020/2021	Bepaalde jaarlikse doelwit 2021/2022	Werklike prestasie 2021/2022
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse aangewend vir effektiewe, doel-treffende en optimale uitvoering van sy mandaat.	Raadsvergaderings waar besluite aangeneem en binne 'n bepaalde tydperk uitgevoer word.	1.1 Aantal kworata vergaderings van Raadslede vir 2021/22 jaar.	16	19	13	19
						+6
						Redes vir afwykings
						<ul style="list-style-type: none"> <li>15 April 2021: Raad het met Minister vergader.</li> <li>6 Mei 2021: Raad het met die PTWC vergader.</li> <li>23 Junie 2021: Verhoor van Beskermheer-geskil.</li> <li>25 Aug 2021: Verhoor van Beskermheer-geskil.</li> <li>9 Des 2021: Ad-hoc Raadsvergadering, na aanleiding van die onderhoud vir Ouditkomitee-kandidaat, om kandidaat-aanstelling te bevestig en om reaksie op minister se korrespondensie oor salaris-aangeleenthede te oorweeg.</li> <li>4 Maart 2022: Ad-hoc raadsvergadering om openbare belang-reaksies op kennisgewings vir uitbreiding van die BUM-dobbelary te hanteer, asook om die JPP en die finale begroting goedkeurings te hanteer.</li> </ul>
	Raadsvergaderings waar besluite aangeneem word en binne bepaalde tydperk uitgevoer word.	1.2 Raadbesluite wat in werking gestel word voor volgende raadsvergadering.	97%	94%	95%	95%
						-
						Geen

**Program 1 Raad en Administrasie**

Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Ge-ouditeerde werklike prestasie 2019/2020	Ge-ouditeerde werklike prestasie 2020/2021	Beplande jaarlikse doelwit 2021/2022	Werklike prestasie 2021/2022	Afwyking van beplande doelwit na werklike prestasie 2021/2022	Redes vir afwykings	
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse aangewend vir effektiewe, doel-treffende en optimale uitvoering van sy mandaat.	Lisensiehouers se KMB-verbintenisse is nagekom.	1.3 Aantal operateurs se KMB-programme wat deur Raadskomitees bevestig is.	5	5	6	6	-	Geen	
	Openbare bewustheid van die Raad se rol en funksies.	1.4 Aantal bewus-makingsprogramme waaraan deelgeneem is.	4	4	4	6	+2	Bykomende geleentheid vir bewusmakingsprogramme.	
	Regsmenings opgestel om Raad en Kantoor te lei oor regsimplikasies van besluite wat geneem is.	1.5 Aantal regsmenings wat voorberei en ingedien is.	39	36	36	43	+7	Verdere regsmenings is deur die Raad en die Kantoor vereis wat regsdiens moes nagaan en indien.	
	Voldoening aan regulatoriese verslagdoenings-vereistes vir Menslike Hulpbronne.	1.6 Aantal regulatoriese verslae wat betyds by die Departement van Arbeid ingedien is.	1	1	1	1	-	Geen	



# PRESTASIE-INLIGTING

Program 1 Raad en Administrasie									
Uitkoms	Uit-set	Uitsetaanwyser	Ge-ouditeerde werklke prestasie 2019/2020	Ge-ouditeerde werklke prestasie 2020/2021	Beplande jaarlikse doelwit 2021/2022	Werklike prestasie 2021/2022	Afwyking van beplande doelwit na werklke prestasie 2021/2022	Redes vir afwykings	
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse aangewend vir effektiewe, doel-treffende en optimale uitvoering van sy mandaat.	'n Bekwame, gemotiveerde en toegewyde arbeidsmag.	1.7 Aantal verslae oor die instelling van die MH-plan.	3	4	4	4	-	Geen	
	Effektiewe en doeltreffende finansiële administrasie.	1.8 Aantal finansiële verslae aan belang-hebbendes.	33	33	33	33	-	Geen	

### Ontleding van prestasie

Die Program het die taak om seker te maak dat die Raad se voorskrifte en besluite uitgevoer word. Die program het sy gestelde doelwitte bereik en sodoende die besluite van die Raad ingestel wat op sy beurt sulke besluite geneem het om uitvoering te gee aan sy wetgewende mandaat. Die Raad as geheel het sy mandaat suksesvol ingestel.

Die Raad het uitvoering gegee aan sy goedgekeurde diensbillikheidsdoelwitte met die aanstelling van sy werknemers en het 'n moeite gedoen om seker te maak dat die diensbillikheidsdoelwitte bereik sal word. Die Raad het die B-BSEB-doelwitte, wat billikheidskriteria insluit, vir die bedryf gestel. Daarbenewens het die Raad opdrag gegee dat die KMB-projekte opheffing van kinders en volhoubare projekte insluit.

### Strategie om areas van onderprestasie te verbeter

Daar is geen areas van onderprestasie nie.

### Koppel prestasie met begrotings

Program	2021/2022			2020/2021		
	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder- besteding R	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder- besteding R
Raad en Administrasie	27 057 558	22 677 410	4 380 148	25 852 024	17 280 445	8 571 579

Besparings is ten opsigte van die volgende uitgawe-items gedoen: Regskoste, instandhouding, professionele dienste en auditfooi. Die begroting vir hierdie uitgawe-items is gegrond op beste ramings maar wat nie altyd realiseer nie. Kostebesparings het ook as gevolg van kostebeperkingsmaatreëls plaasgevind.

## Program 2: Lisensiëring

### Doel van Program

Die Lisensiëringsafdeling is vir die koördinerende van die lisensiëringsproses verantwoordelik. Dit ontvang lisensie-aansoeke en doen eerlikheidsondersoeke van aansoeke wat ontvang is. Op grond van die bevindinge van die ondersoek maak die departement dan aanbevelings vir goed- of afkeuring aan die HUB en/of die Raad.

### Uitkomst

Persone wat sake doen in die dobbelbedryf is geskik.

### Persone wat sake doen in die dobbelbedryf is geskik

Geen veranderinge is tydens die jaar gedurende die 2021/2022 finansiële jaar aangebring nie.

Program 2 Lisensiëring							
Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Ge-ouditeerde werklike prestasie 2019/2020	Ge-ouditeerde werklike prestasie 2020/2021	Beplande jaarlikse doelwit 2021/2022	Werklike prestasie 2021/2022	Afwyking van beplande doelwit na werklike prestasie 2021/2022
Persone wat sake doen in die dobbelbedryf is geskik.	Nuwe aansoeke verwerk.	2.1 Persentasie nuwe aansoeke ten opsigte van werknemerlisensies (belangrike en dobbelary) ontvang wat binne 30 dae na ontvangs verwerk is.	92%	91%	91%	89%	-2%
	Hernuwings-aansoeke ontvang verwerk.	2.2 Persentasie van hernuwingsaansoeke ontvang wat op of voor die vervaldatum van die lisensie verwerk is.	99%	99%	99%	99%	-
							Redes vir afwykings
							Alle aansoeke vir goedkeuring is betyds gedoen. Ander aansoeke wat aan nuwe operateurslisensies gekoppel is, kon slegs goedgekeur word na die goedkeuring van die operateurslisensies.
							Geen



### Ontleding van prestasie

Ten spyte van die uitdagings wat die pandemie gebied het, het die Departement daarin geslaag om dienooreenkomstig te reageer om al die vereiste aansoeke wat ontvang is, te verwerk om operateurs in staat te stel om met hul bedrywighede voort te gaan, al het dit met verskeie beperkings gepaardgegaan. Alhoewel daar 'n aantal dobbelondernemings was wat nie die pandemie kon oorleef nie, was daar ander nuwe besighede wat gestig is en steeds operasioneel is. Alle sulke nuwe besighede is dienooreenkomstig ondersoek en gelisensieer, en het sodoende tot die inkomste van die fiskus bygedra.

Deur op nuwe aansoeke vir werknemers wat aan gelisensieerde operateurs gekoppel is, te reageer, dra die Departement so gou as moontlik by tot die aanvang van indiensneming en dobbelverwante aktiwiteite van persone.

### Strategie om gebiede van onderprestasie te verbeter

Met betrekking tot die onderprestasie van lisensiering van nuwe werknemers, moet daarop gelet word dat die doelwit soos gestel, aansoeke ingesluit het wat aan nuwe operateurslisensie-aansoeke gekoppel is. Die doelwit is, byvoorbeeld, dienooreenkomstig aangepas om slegs die aantal aansoeke vir nuwe werknemers te meet wat in die vasgestelde tydraamwerk verwerk is en reeds aan gelisensieerde operateurs gekoppel is.

### Koppeling van prestasie met begrotings

Program	2021/2022			2020/2021		
	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder- besteding R	Begroting R	Werklike uitgawes R	(Oor-)/ Onder- besteding R
Lisensiering	14 506 095	13 959 272	546 823	15 871 148	12 718 405	3 152 743

